

## HOOFSTUK IV.

# SINSLEER.

§ 182. Die sinsleer of sintaksis (hierdie griekse naam beteken “*samevoeging*”) het te doen met die sin. Dit klassifiseer die sinsvorme, en sluit hierin aan by die vormleer. Dit ondersoek die betekenis van die sin, wat op verskillende maniere uitgedruk word, en vorm daardeur ’n verbinding met die betekenisleer.

Die nouste verwant aan die sinsleer is die stylleer.

Die laaste wetenskap maak meer in besonder ’n studie van die middele wat bewus aangewend word om bepaalde indrukke teweeg te bring, en het dus ten doel om skrywers en digters van mekaar en van die groot publiek te onderskei, deur noukeurig na te gaan watter eienaardige kenmerke ieder se taal openbaar. Die ondersoek van spesiale styl-kenmerke is alleen moontlik, wanneer die algemene omgangstaal eers voldoende bestudeer is, en die reëls waaraan dit gehoorsaam en wat die samelewing homself in die daelike verkeer oplê, te boek gestel is. ’n Goeie stylleer moet dus gebaseer wees op die sinsleer. Maar die grens tussen die twee verwante terreine is soms moeilik te trek. Ons sal dan ook in hierdie hoofstuk meer as éénmaal verskynsels vermeld, met die byvoeging dat hulle eintlik in die stylleer tuis hoort. Ons doen dit om die karakter van die omgangstaal des te beter te verduidelik.

### Definiesie.

§ 183. ’n Sin is ’n stuk menslike spraak wat op sigself voldoende is om onder mense wat dieselfde taal praat, ’n verstaanbare mededeling te doen.

Deur die byvoeging “op sigself” word die hulp van gebare as uitdrukkingsmiddel uitgesluit, omdat dit die taal wel dikwels beugelci, maar geen bepaalde onderwerp is vir behandeling in ’n grammatika nie.

In ouer periodes van die mensheid was gebare 'n veel vernamer uiting as in later tye, omdat primitiewe volke dit meer gebruik as beskaafde. Vir die verstaanbaarheid van 'n gebaar is dit nodig dat diegene vir wie dit bestem is, die aangedeuide voorwerp kan waarneem en by die aanblik daarvan 'n gelyke gewaarwording ondervind as die aanduider. Is die gebaar die uiting van 'n gemoedsbeweging, soos angs of blydskap, dan moet die waarnemer van die gebaar dieselfde aandoeing daardeur ondervind as die voortbrenger.

Gelykstaande met die gebaar wat die uitwerking betref, en alleen daarvan onderskei deur die manier van voortbrenging, is die uitroep. Woorde soos *o*, *au*, *arrie*, *eima*, *ag*, is nog geen sinne nie, want hulle bevat geen mededeling nie. *Kyk!* *hoor!* is wel 'n soort van mededeling, maar ook nog geen "volledige sin" nie. Tog lê hier die oorsprong van die sin, want net soos kinders dit vandag nog doen, het grootmense hul taal van die eenvoudigste uitingsmiddel tot die meer samegestelde ontwikkel. Wanneer iemand plotseling rook uit 'n huis sien opstyg en meen daar is brand, dan kan hy sy waarneming meedeel met die enkele woord *rook!* of *brand!* Dit beteken dan: "*dáár is brand!*" of: "*kyk, daar trek rook op!*" By 'n dergelike sinsvorming is één woord dus voldoende om meer as één ding uit te druk; die spreker neem geen tyd om sy mening uit te brei nie. Die hoorder moet dus die omstandighede ken om die spreker goed te kan begryp. Wanneer 'n kind die woord *hond!* uitspreek, kan dit dus beteken: "*die hond wil my byt*" of "*die hond hardloop weg*" ens. 'n Sin in hierdie stadium van ontwikkeling word gewoonlik 'n éénledige sin genoem.

§ 184. Die klein woordjies in § 183 vermeld, wat gemoedsbeweging uitdruk of die opmerkzaamheid trek, word in die grammatika meestal tussenwerpsels of interjeksies genoem. Hulle is egter van oorsprong eintlik geen tussenwerpsels nie, omdat hulle juis vóór die volledige sinne kom. Omdat hulle egter dikwels 'n sin inlei wat die antwoord vorm op, of die aanvulling by, die woorde van 'n vorige spreker, sal ons die benaming hier behou.

In Afrikaans word o.a. die volgende tussenwerpsels gehoor: *o, ag, helaas, hoera, eina, soe, arrie, au, ga, sies, wee, owee, foei*. Vgl. § 160.

Party uitroepe bestaan uit meer as één woord. So hoor 'n mens: *o vaderland, my mastig, sies tog, my lieue wêreld, op die aarde! my gocie genugtig!*

Hierdie tweeledige uitroepe dra al meer die karakter van 'n sin as die eenledige, al is dit dan ook 'n beknopte sin.

§ 185. Tweeledige sinne ontstaan wanneer die spreker aan sy eerste voorstelling 'n tweede gedagte toevog, wat in sy taal tot uiting kom, deurdad by sy éénledige sin 'n nuwe woord bykom wat op een of ander manier van belang is vir, en samehang met, die eerste. Wanneer 'n kind uitroep: "*hond! seer!*" dan is dit eintlik twee éénledige sinne; die kind se bedoeling sou 'n mens kan weergee met: *die hond het my gebyt; ek het seer gekry*. Hoewel daar dus twee "sinne" bloot naas mekaar staan, bestaan daar 'n verband. Die kind het die woord *hond* as uitgangspunt geneem; naderhand het hy die eintlike doel van sy uiting uitgespreek in die woord *seer*. Wanneer hy verstaan word deur die moeder, dan het sy dieselfde samehang ontdek, en wanneer die kind so'n proses telkens herhaal, dan ontstaan daar eers 'n samevoeging van twee woorde met 'n eie betekenis, waarin die onderdele hul eie plek inneem. So'n samevoeging noem ons 'n konstruksie. Baie dikwels word in die taal van kinders die kind self tot uitgangspunt geneem; so bv. *Miemie dors, Miemie honge*.

In sommige tale oorheers samestellinge as *hond-seer*, en dié word verder uitgebrei, sodat meer as twee woorde daarin voorkom, terwyl die volgorde van die woorde van belang is vir die betekenis van die hele woorde-ry. In sulke tale, wat dus feitlik geen sinne ken nie, maar alleen samegestelde woorde, is daar amper geen sprake van sinsbou nie, want dit val dan saam met die woordvorming.

Ook in die lewendê tale van vandag vind 'n mens nog genoeg sinne in gebruik wat net soos die sin *hond seer* geen werkwoord bevat nie. Ons verdeel daarom die sinne in twee hoofgroepe:

- (a) Sinne met 'n werkwoord.
- (b) Sinne sonder 'n werkwoord.

## DIE ENKELVOUDIGE SIN.

## Die Gesegde of Predikaat.

§ 186. In die sinne met 'n werkwoord kan gewoonlik onderskei word die onderwerp of subjek, wat die uitgangspunt vorm van die mededeling, en die gesegde of predikaat, wat die doel van die mededeling aangee. In *hond seer* is *hond* subjek, *seer* predikaat; in *Jan slaan* is *Jan* subjek, *slaan* predikaat.

Onder die benaming predikaat word egter nie net 'n ww. verstaan nie, maar ook, bv. 'n byvoeglike naamwoord, wat 'n hoedanigheid van die subjek vermeld. Ons gebruik die woord *predikaat* dan ook in 'n ruimer betekenis as die woord *gesegde*, waarmee ons net die werkwoordelike predikaat aandui.

Aangesien die predikaat die doel van 'n mededeling bevat, sal ons dit eerste behandel, en daarna die onderwerp.

Nog 'n ander verdeling van die sin moet gemaak word, nl. die in enkelvoudige en samegestelde sin. 'n Mededeling kan naamlik plaas vind deur 'n reeks van sinne wat naas mekaar staan, maar wat tog deur die noue onderlinge verband 'n éénheid vorm. Wanneer verder 'n hele sin die plek inneem van 'n rededeel in 'n enkelvoudige sin, dan ontstaan ook 'n samegestelde sin. Aangesien dus 'n samegestelde sin uit enkelvoudige sinne opgebou is, sal ons begin met 'n oorsig te gee van die laaste.

§ 187. Die predikaat kan 'n enkele ww. wees of die verbinding van 'n ww. met ander rededele.

Die suiwer werkwoordelike predikaat kan verskille aandui wat betref die tyd, wys en vorm, waaroor in die hoofstuk "Vormleer" gehandel is.

§ 188. Die enkele ww. kan op verskillende maniere aangevul word:

(a) Deur samestelling, bv. *aanvat*, *bykom*, *fluit-fluit*, ens; vgl. §§ 175 en 178.

(b) By 'n oorganklike ww. deur die voorwerp of objek: *Jan slaan die hond*.

**Die Voorwerp.**

§ 189. Die voorwerp word in die meeste grammatikas onderskei in die lydende en die belanghebbende voorwerp. Die name dui dan hulle verskillende funksies aan. 'n Lydende voorwerp word dié genoem wat die handeling in die ww. vervat ondergaan, die belanghebbende voorwerp het alleen belang by die handeling.

Dat die onderskeiding in lydende en belanghebbende voorwerp, wat in ouer tale gemaak word, en dáárin ook duidelik geopenbaar word deur die naamvalsforme, vir Afrikaans eintlik bloot teoreties is, en daarom miskien heeltemal agterweë kon bly, word deur baie gevalle bewys.

As ons bv. die volgende sin beskou: *Die Springbokke het Engeland in 1906 daarom lclik pak gegee*, dan kan 'n mens by grammatikale sinsontleding *pak* beskou as die lydende voorwerp by die ww. *het gegee*. Dan is *Engeland* die belanghebbende voorwerp, wat die *pak* kry. Met eweveel reg kan ons egter Engeland beskou as die voorwerp, wat die handeling *pak gee* ondergaan. In die geval is dus *Engeland* lydende voorwerp, terwyl *pak gee* dan meer as 'n éénheid gevoel word, en gelyke betekenis het as bv. *verstaan*. Grammatikaal is dus *pak* die lydende, en *Engeland* die belanghebbende voorwerp, maar logies is alleen *Engeland* lydende voorwerp, omdat dit werklik in hierdie geval die handeling ondergaan. Waaruit blyk dat die onderskeid tussen lydende en belanghebbende voorwerp meestal bloot teoreties is.

Bekyk ons 'n ander voorbeeld, waariu die voorwerp in veel mindere mate die handeling *ondergaan*, dan kan ons presies dieselfde redenering toepas, bv. *En so het ek hom daar daggēsē*. Die aanóngeskrewe vorm *daggēsē* bewys dat vir die taalgevoel van die skrywer *hom* ewegod 'n "lydende" as 'n "belanghebbende" voorwerp kan wees, want dis duidelik dat, wanneer *dagsē* as één woord opgevat word, daar geen "lydende" voorwerp meer in die sin aanwesig is nie.

In besonder duidelike gevalle kan ons by 'n sinsontleding nog tussen lydende en belanghebbende voorwerpe onderskei. Oor die algemeen egter is dit beter om net van *voorwerpe* te praat.

Opm. 1.—Deurdad die gevoel vir die twee soorte van voorwerpe in Afrikaans so goed as verlore geraak het, word die neiging om werkwoordelike samestellinge te vorm sterk begunstig; die vbb. wat ons in § 177 gegee het, kom vir 'n groot deel nie in Nederlands voor nie.

Opm. 2.—Van verdere onderskeidinge soos *oorsaaklike* en *mee-werkende* voorwerp, maak ons hier nie apart melding nie, omdat dit in Afrikaans bywoordelike bepalinge is, ingelei deur voorsetsels. Vgl. §§ 198 en 244.

§ 190. Die voorwerp word in Afrikaans dikwels gekenmerk deur die woordjie *vir*, wat oorspronklik net as 'n voorsetsel by die belanghebbende voorwerp gebruik was, maar weens die gebrek aan skerp onderskeie vorme van die ou "naamvalle" naderhand ook by die lydende voorwerp gekom het. *Vir* word nou, sonder 'n eie betekenis, net gebruik by lewende wesens en eiename, slegs weinig by ander woorde, bv.: *Ek het vir jou 'n present gekoop. Die Vrystaatse voetbalspan het vir Transvaal uitgeklop.*

Die woord *vir* kan nie gebruik word wanneer die voorwerp in betekenis en vorm verwant is aan die ww. nie, bv. *'n skoot skiet, 'n rit ry, 'n slag slaan. Die perd loop 'n trippelpas, 'n sukkeldraffie.*

Hierdie soort voorwerp word soms inwendige voorwerp genoem, omdat die voorwerp eintlik al in die ww. opgeslote is: *Ek lag so'n sieklike, verdrietlike laggie.*

§ 191. Daar is 'n aantal ww. wat steeds deur middel van 'n vaste voorsetsel verbind word met die voorwerp, bv. *Ek kyk na die huis; dink aan, begin met, glo aan, hoop op, hom skaam oor, peins oor, lag oor (om), skrik vir.*

Soms ook kan die voorsetsel na verkiesing al of nie gebesig word nie, bv. *ek glo aan die storie, naas ek glo die storie.*

Opm.—Party van hierdie ww. het met die voorsetsels vaste samestellinge gevorm, bv. *ek het (vir) hom opgelet naas ek het op hom gelet.*

§ 192. Wanneer die voorwerp 'n infinitief is, neem dit gewoonlik *te* of *om te*, bv. *ons het besluit om te bly. Ek meen te weet.* Vgl. § 143.

Voorbeelde van die infinitief alleen is: *dit begin reent. Die dief het probeer vlug.*

§ 193. Sommige ~ww. neem 'n snw. of vnw. as voorwerp en daarby 'n infinitief sonder *om te*, die handeling waarvan deur die voorwerp verrig word. Dergelike voorwerp + infinitief-konstruksies kom bv. na waarnemings-ww. en ww. wat 'n veroorsaakte handeling uitdruk, voor, soos *hoor, laat, leer, maak, sien, voel*: *Ek sien hom loop, ons laat jou staan.*

In hierdie voorbeelde bewys die vorm van die vnw. dat dit voorwerpe is. Waar so'n vormverandering nie plaasvind nie, daar is net die woordorde 'n aanwysing, bv. *Hy sien die perde die draai omgaan. Ek sal die twee vosse hier oor die berg laat vlieg.*

Opm.—Sinne van die tiepe: "*Ek sien die mense loop*" kan desnoods op twee maniere opgevat word; dit kan gevoel word as 'n voorwerp + inf.-konstruksie, maar ook as 'n voorwerpsin. Vgl. § 279.

Word die hoofwerkwoord in die voltooide tyd gebruik, dan vind ons naas die voltooide deelwoord met *ge* soms 'n infinitief, bv.: *Ek het te danig die blitse oor die Swartberge sien uitslaan gistraand. Hy het net die geraas van die vlerke gehoor en die swart skim sien verby gly.*

Daarnaas: *Wat van kleins af Afrikaans geleer lees en skrywe het.*

§ 194. Die wederkerende ww. het as voorwerp die wederk. vnw. *hom, haar, hulle*. bv. *Ek skaam my. Nou moet ek my roer. Van die feit is maar min mense hulle bewus.*

Dikwels word ook sulke wederk. ww. sonder 'n vnw., en dus intransitief, gebesig, bv. *Die Afrikaanse taal het langamerhand ontwikkel. Hy is (hom) bewus van sy mag. As hy nie haas nie, sal hy te laat kom.* In die sinsnede *hulle maak maters*, word *maak* ook as 'n intrans. ww. gebesig.

§ 195. Wanneer daar meer as één voorwerp by 'n ww. staan, dan word die direkte voorwerp wat die handeling ondergaan, nie deur *vir* voorafgegaan nie; terwyl die meer verwyderde voorwerp wat by die handeling betrokke is, *vir* moet kry wanneer dit die tweede plek inneem, maar agterweë kan bly, wanneer dit eerste staan.

bv.: *Hy gee 'n boek vir my.*

maar: *Hy gee (vir) my 'n boek.*

§ 196. Wanneer 'n voorwerp deur 'n tweede voorwerp nader bepaal word, dan word die tweede voorafgegaan deur *as*, bv.: *Ek ken hom as 'n troue vriend. Hulle het hom aangestel as generaal.*

§ 197. By ww. wat 'n geesteswerkzaamheid uitdruk, dien die vraagwoorde *hoe, waar, wanneer, wie, wat* ens.+ *om te* om 'n infinitief aan die ww. te verbind, bv. *Ons weet nie hoe om dit reg te kry nie.*

### Die Bywoordelike Bepaling.

§ 198. Verder word die handeling in die ww. vervat, nader bepaal deur bywoorde of bywoordelike uitdrukkinge. In die sin: *hy loop hard, sê hard* alleen iets van die *loop*, nie van *hy* nie. So ook: *Piet lê in die gras. Die branders slaan teen die rotse. Die lig skyn oor die water.*

Die bepalinge *in die gras* e.d. is dus gelykwaardig aan die bywoord *hard*. Met die ww. *wees* kan voorkom: *die man is groot* en: *die man is in die huis*; in die eerste geval is *groot* 'n bnw. en *is* 'n koppelww., in die tweede egter is *in die huis* 'n byw. bepaling, en *is* (bevind hom) 'n selfst. ww.

Maar dit is te begryp dat uit dergelike sinne soos: *die man is in die huis* [naas: *die man loop (in) die huis in*] 'n nuwe konstruksie kon ontstaan, nl. *die man in die huis*, waarin *in die huis* 'n byvoeglike bepaling is. Dit kon gebeur omdat *is* gewoonlik net as 'n koppelwerkwoord diens doen, en *in die huis* sodoende op één lyn gestel word met 'n bnw.

Hieruit blyk dat veral by die ww. *wees*, wat soms as koppelww., soms as selfst. ww. diens doen, die byw. bep. baie nou verwant is aan die byv. bepaling.

Die enigste onderskeid van 'n bnw. is dat sulke bepalinge nie vóór die snw. gebruik kan word nie; 'n wending soos *die in die huis kinders* is onmoontlik.

Ander voorbeelde is: *Die bewerings in sy boek is onwaar. Hy ken die wêreld hierlangs gladnie. Die gebeurtenis gister. Die onenigheid toe.*

§ 199. As bywoordelike bepalinge word in Afrikaans dikwels selfstandige naamwoorde gebesig, sonder enige nader bepaling, lidwoord of iets dergelyks.



Bv. *Agtermiddag gaan ek uit. 'n Mens moenie elf uur in die voormiddag al weer aan die koei se uier pomp nie. Ons sal brekfistyd op die afgesproke plek wees. Baie dae leef hulle van hongersnood-rantsoen. Die klomp jongmense het Oujarsdag -oggend, twe-dê hoenderkraai, vertrek. Die kind kom hande en voete aankruip. Hy tuimel kop-na-onder in die water.*

Opm. 1.—In die laaste gevalle kan 'n voorsetsel (*met, op, aan*) as 'n bindwoord gebruik word, maar dan kom ook lidwoorde e.d. by die snw., bv. *met die kop na onder*.

Opm. 2.—In uitdrukkinge soos *perd ry, pand speel* vorm die snw. en die ww. feitlik 'n éénheid.

Opm. 3.—In sinne soos *ek kom lig tuis, hulle sal eers donker hier wees* nader die snw. skynbaar aan 'n bnw.

§ 200. As byw. bepaling kom ook ou tweede naamvalle voor, om 'n plek, tyd of omstandigheid uit te druk, bv. *hy gaan syns weegs; dis allossins, enigsins, geensins aanneemlik. Dis saans donker; so ook smôrens, Sondags, smiddags. Die kinders speel blootsvoet, blootshoof; in deftiger taal: langamerhand, onverrigtersake, myns insiens, syns ondanks, desondanks.*

§ 201. As 'n op sigself staande soort van bywoorde moet dié beskou word wat nie by 'n deel van die sin hoort nie, maar by die hele mededeling. So bv. *nie*, in *ek weet nie; nooit nie in hy lieg nooit nie*. Deur sulke bywoorde word dus die hele inhoud van die sin in 'n nuwe lig gestel.

Die verskil met ander bywoorde raak egter net die betekenis, nie die konstruksie nie, behalwe in die geval van die ontkenning. Verder voorbeelde is: *ek weet wel, hy kom seker, miskien gaan dit reent*. Ook: *stellig, tog, mos*, e.d. word as sodanig gebesig, bv. *Ek het gelukkig nog betyds gekom. Ek weet ongelukkig nie waar ek dit gebêre het nie. Het jy dan tog eindelik gekom? Hy was dan eers so in sy skik met die jong vrou. Ek kan omtrent raai wat jy wou sê.*

**Die Ontkenning.**

§ 202. Die ontkenning in die enkelvoudige sin vertoon die tiepies Afrikaanse kenmerk van besonder dikwels dubbel te wees. Terwyl in ander tale, en ook in Afrikaans self in 'n aantal gevalle, volstaan kan word met die enkele ontkenkende woord, word dit egter dikwels in die vorm van die ontkenning *nie* herhaal op 'n ander plek in die sin, gewoonlik aan die end, bv. *ek het dit nooit geweet nie*.

Dis nie 'n maklike taak om algemeen geldende reëls vir die gebruik van die dubbele ontkenning te gee nie. Enkele, en soos ons meen die vernaamste, volg hier:

1. Herhaling van die ontkenning *nie* is onmoontlik wanneer dit aan die end van 'n sin staan, bv.: *ek kom nie*. Eén so'n *nie* staan aan die end, wanneer die sin één voorstelling bevat, uitgedruk deur onderwerp + predikaat, soos in *ek kom nie*, en veral wanneer dit die nadruk kry, bv.: *ek kom nie*.

Ook wanneer 'n positiewe bepaling by die één voorstelling bykom, word nie 'n tweede ontkenning vereis nie, bv.: *My Oom wat siek is, kom nie; ek Ieen hom nie; ek kom môre nie*.

In die laaste geval kan dit gebeur dat die spreker die nadruk van ontkenning wil lê op die bepaling *môre*, en dan sal hy sê: *ek kom nie môre nie*.

Dieselfde is die geval met 'n voorwerp, wat voorafgegaan word deur *vir*, bv. *ek ken nie vir hom nie* naas *ek Ieen hom nie*. Dit lyk asof *vir hom*, hoe swak *vir* ook uitgespreek word, tog nog meer aandag en nadruk kry as die blote *hom*.

Ook in 'n vraag en 'n sin wat met 'n byw. bepaling begint, is net één *nie* nodig, bv.: *kom jy nie? Vanaand kom ek nie*.

2. Die ontkenkende voornaamwoorde *niks* en *niemand* en die bywoorde *nooit* en *nêrens* kan altyd die ontkenning *nie* by hulle neem, ook wanneer hulle aan die end van 'n sin staan, bv.: *hy weet niks nie. Ek sien niemand nie. Ek vind die boek nêrens nie. Wanhoop nooit nie*. In al hierdie gevalle kan *nie* egter ook wegge laat word, veral wanneer sulke woorde met nadruk gebruik word.

3. Wanneer die ontkenpende woorde hierbo genoem, nie aan die end van die sin voorkom nie, is die gebruik van *nie* noodsaaklik, bv.: *Niemand* *hoef* *hom* *te* *skaam* *nie*. *Ons* *het* *niks* *gekry* *nie*. *Die* *boek* *is* *nêrens* *te* *vinde* *nie*. *Ek* *sal* *dit* *nooit* *toestem* *nie*.

Die woord *geen* kan net attributief gebesig word, dus staan dit nooit aan die end van die sin nie, en word daarom altyd deur *nie* gevolg, bv.: *Ons* *kon* *geen* *druppel* *water* *kry* *nie*.

Opm.—Opéénh<sup>o</sup>ping van ontkenninge kom herhaaldelik voor; so bv.: *Ek* *sien* *nooit* *geen* *mens* *nie*. *Die* *arme* *diere* *het* *vandag* *nog* *niks* *geen* *kos* *gehad* *nie*.

4. Indien die ww.-vorm in 'n sin samegestel word met 'n hulpww., of wanneer 'n skeidbaar samegestelde ww. in die sin gesplits word, dan kom in die eerste geval 'n ontkenning onmiddellik ná die hulpww., in die tweede geval ná die ww. deel van die samegestelde ww., terwyl in albei gevalle *nie* aan die end van die sin volg:

(a) *Hy* *het* *nie* *gekom* *nie*. *Ek* *kan* *nêrens* *gaan* *nie*. *Ons* *wil* *niks* *wegsteek* *nie*.

(b) *Ek* *bly* *nie* *tuis* *nie* (tuisbly). *Die* *aarde* *staan* *nie* *stil* *nie* (stilstaan).

Word 'n voorwerp gebesig tussen die twee dele van 'n samegestelde ww., dan staan die eerste ontkenning ná die voorwerp, bv.: *ons* *ag* 'n *skurk* *nie* *hoog* *nie* (hoogag).

5. Ook wanneer die ww. aangevul word deur 'n bepaling, dan gebeur dieselfde as in die geval van die los samestelling. *In* *die* *Transvaal* *bly* word dus net so behandel as *tuisbly*, bv.: *Ek* *bly* *nie* *in* *die* *Transvaal* *nie*. *Die* *lig* *brand* *nie* *helder* *nie*.

Staan daar behalwe die aanvullende bepaling ook 'n voorwerp by die ww., dan kan die eerste *nie*, al na die nadruk dit vereis, vóór of ná die voorwerp staan.

Daarvóór: *Die* *man* *wat* *sy* *saak* *gewen* *het*, *beskuldig* *nie* *die* *regter* *van* *partydigheid* *nie*. 'n *Presiese* *baas* *hou* *nie* *nalatige* *knegte* *lank* *nie* (Langenhoven).

Daaragter: *Om* *te* *lewe* *is* 'n *kuns*: *die* *beste* *kry* *dit* *nie* *goed* *reg* *nie* (Langenhoven).

**Die Samegestelde Predikaat.**

§ 203. Die predikaat is baie maal samegestel, soos ons reeds gesien het. Dit kan uitsluitend uit ww.-vorme bestaan, soos in *het gebly, was gewees, sal gaan*, waarin *het, was, sal* hulpwerkwoorde genoem word. Maar ook kan 'n nie-werkwoordelike deel aan die subjek verbind word deur 'n koppelwerkwoord. Voorbeelde van die laaste soort is: *My broer word onderwyser. Daardie man is 'n boer. Hy heet Piet.*

As koppelwerkwoorde doen diens: *wees, word, bly, skyn, blyk, lyk* en *heet* (vgl. § 114).

In al die gevalle word 'n naamwoordelike en 'n werkwoordelike deel van die gesegde onderskei. In *Jan is student*, noem ons *student* die naamwoordelike, *is* die werkwoordelike deel van die gesegde *is student*.

**Die Byvoeglike Bepaling.**

§ 204. 'n Belangrike rededeel wat saam met 'n ww. 'n gesegde vorm, is die byvoeglike naamwoord; die oorspronklike gebruik daarvan is:

(a) predikatief, bv. *Jan is groot. Die hond word kwaai*. Daaruit het ontwikkel die tweede gebruik, nl.

(b) attributief, bv.: *Die groot Jan*.

'n Sin: *Die groot Jan slaan die hond* sal dus oorspronklik gelui het: *Jan is groot; Jan slaan die hond*.

Vgl. die ontstaan van die tweeledige sin uit 'n éénledige, soos bespreek in § 185.

§ 205. 'n Tussentrap tussen die predikatiewe en die attributiewe bepaling word gevorm deur die sogenaamde predikatiewe attribuut. Dit word hierdeur gekenmerk dat die eienskap nie as vas behorend by die naamwoord beskou word nie, maar eers daaraan gegee word, terwyl die sin uitgespreek word.

So bv.: *My Oom het gesond by ons aangekom, maar na 'n week siek vertrek*. Die bepalinge *gesond* en *siek* behoort by albei die sinsele, by die onderwerp en by die werkwoord; as sodanig is hulle sowel bnw. (attribuut) asook bywoordelike deel van die predikaat, vandaar die naam predikatiewe attribuut. 'n Ander vb. is: *Deur lange oefening kom 'n mens sover om onwetend kwaad te doen of onwetend goed te doen* (Langenhoven).

Dat die eienskap (attribuut) eers by die uitspraak van die sin aan die onderwerp toegeken word, blyk bv. uit die gevalle, waar die bnw. heeltemaal op die end kom, waar dit dus 'n nuwe gedagte enigsins selfstandig verteenwoordig, bv. in: *Ek hol met die byl agter hom aan, k a a l v o e t.*

§ 206. As 'n predikatiewe attribuut wat naas persoonsname of naamwoorde geplaas word, dien dikwels die woorde: *al, almal, albei, beide, self en vol.*

Bv.: *al die mense, Pa en Ma albei, ek self* (vgl. § 83), *'n emmer vol.*

§ 207. 'n Naamwoord wat as 'n predikatiewe attribuut diens doen, word meestal deur *as* voorafgegaan, bv. *Hy het as held gesterwe.*

§ 208. 'n Predikatiewe bnw. kan ook in betrekking gebring word met 'n voorwerp.

Bv.: *Hulle het die fundamente van 'n ou fort oop gegrawe. Kain het sy broer Abel dood geslaan* (ook op te vat as 'n skeidbaar samegestelde ww.). *Die verkwisterige man eet die vrugte van sy lewe groen op. Ek het my arm geërf, moeg gerus, dors gedrink en amper dood geleef* (Langenhoven).

Ook 'n naamwoord kan die plek van die bnw. inneem, bv. *Die Transvalers het Paul Kruger President gemaak. Die skooljongens noem hulle kleinste maat: "Klein Duimpie."*

Dikwels egter word hier 'n voorsetsel ter verbinding gebruik, bv.: *Die Boere het Christiaan de Wet tot hulle generaal gekies.*

In die passiewe konstruksie word diè predikatiewe naamwoord 'n bepaling by die onderwerp, bv. *President Kruger was altyd Oom Paul genoem.*

Die predikatiewe attribuut hoef nie net één bnw. te wees nie; in die sin: *Hy vind haar knielende oor die lyk van Wynand, half onder die modder* staan die pred. attribuut gelyk met 'n relatiewe sin: *die lyk, wat half onder die modder lê.*

§ 209. Nou verwant met die laaste soort van konstruksie is die sogenaamde absolute konstruksies, wat dikwels ook as 'n bywoordelike bepaling opgevat kan word, bv.: *Hendrik sit by die tafel, hoof vooroor gebuig*. Die konstruksie heet absoluut, omdat dit eintlik beknopte sinne is wat nie afhang van enige sinsdeel of sin nie. In die gegewe voorbeeld kan die woorde *hoof vooroor gebuig* vervang word deur: *sy hoof is vooroor gebuig* of: *terwyl sy hoof vooroor gebuig is*. 'n Ander voorbeeld is: *Dan kom die rivier af met klippe en stompe, kant-aan-wal. Die kinders stap hand in hand. Onder ons gesê, ek vertrou hom nie*. Vgl. § 151, 3, Opm.

§ 210. Dat die grens tussen predikaat en attribuut nie skerp getrek kan word nie, word verder bewys deur dié sinne, waarin die ww. nader aan 'n koppelwerkwoord, bv. *die veld staan vol blomme. Die manskappe het gewond op die slagveld gelê*.

§ 211. Die attributiewe bnw. staan gewoonlik vóór die naamwoord.

In sommige gevalle word dit agter die naamwoord geplaas, bv. in verbindings soos *Karel die Grote, Lodewyk die Veertiende*.

Verder kom agterplaatsing van die bnw. dikwels voor, wanneer die bnw. nader bepaal word deur 'n bywoord of 'n langer bepaling, bv. *onder sagte snikke, nouliks hoorbaar, pers dit nou uit. Haar voorhoof, warm van inspanning en ontroering*.

Opm.—In literêre taal kom agterplaatsing van die bnw. veelvuldig voor, wanneer meer as één bnw. deur 'n voegwoord verbonde is, bv. *Hieraan is heilige herinneringe vasgeknoop deur bande sterk en heg*.

§ 212. In die taalgebruik kom met 'n bnw. ooreen die sogenaamde tweede naamval of genitief, in gevalle soos: *Jan se boek lê op die tafel. Jan se* is 'n bepaling, 'n predikaat, by *boek*. Hierdie konstruksie van 'n snw. of eie-

naam verbonde met die besittel. vnw. *se* vir alle getalle en geslagte, waarnaas nog somtyds *hulle* vir die meervoud; kan allerlei verhoudinge uitdruk.

In *Jan se boek* is dit die besit.

In *Mosselbaai se pad* die rigting.

In *twee sjielings se sigare* die waarde.

In *twee uur se loop* die tyd.

Uit sommige van die voorbeelde blyk dat, wanneer *se* by 'n meervoud staan, daardie meervoud feitlik as 'n enkelvoud opgevat word; by *twee sjielings se sigare* word nie aan die twee geldstukke gedink nie, maar aan die som, wat net so goed deur 'n *florijn* voorgestel kon gewees het.

Opm.—Oor die ooreenkoms van die “tweede naamval” op *-se* met *bnw.* op *-se* vgl. § 72.

§ 213. Iedere *bnw.* kan as 'n *snw.* gebruik word. In die enkelvoud moet daar dan 'n lidwoord of 'n adjektiewiese voor-naamwoord bykom, bv. *die domme en die wyse*. Vgl. ook § 96 (3) Opm. 2.

In die meervoud is geen aanwyser nodig nie, bv. *armes en rykes*. In die plek van die geskrapte versies het ek 'n aantal nuwes bygevoeg.

Die pronominale *bnw.* *een* en sy samestellinge (*geeneen, menigeen*), *watter, ieder, baie* word gesubstantiveer sonder 'n lidwoord te vereis, bv. *vir baie was dit 'n verrassing; ieder sal dit toestem*.

Die *bnw.* op *-e* het oorspronklik selfstandige krag gehad en baie het dan ook in Afrikaans feitlik *snw.* geword, bv. *'n heilige, 'n dooie, 'n blinde, 'n sieke*.

Van party *bnw.* word die onverboë vorm gebruik as 'n *snw.*, bv. *die kwaad wreek homself*. Vgl. § 96 (3) Opm. 3.

'n Woord soos *goed* het 'n ruimer betekenis gekry, en dit vertoon dan ook 'n verbuiging net soos 'n *snw.*, mv. *goeters*.

Sulke gesubstantiveerde vnw. is ook die woorde wat 'n hoeveelheid aandui, soos bv. *veel, min, meer, minder, weinig, genoeg*. In Afrikaans word hulle egter gewoonlik as *bnw.* gevoel, behalwe in enkele ou verbindings, soos *nie veel saaks, weinig goeds*. Vgl. ook § 73 en § 96, 4.

§ 214. Selfstandige naamwoorde wat sonder 'n lidwoord predikatief gebruik word, kan in funksie en betekenis nader aan bnw., bv. *dis jammer, dis skande.*

In Afrikaans het hierdie gebruik uitgebrei ook tot 'n persoonlike onderwerp; so word algemeen gebruik: *ek is jammer, ons is dors, jy is honger, julle is skaam, ek is nie lus om te loop nie.*

Aangesien die genoemde woorde in verbinding met vorme van die ww. *wees* voorkom, en dus as bnw. fungeer, sal hulle ook as sodanig moet beskou word in verbinding met ander ww., bv. *ek voel skaam, pap, honger.*

§ 215. In § 212 het ons gesien hoe 'n snw. met *se* as 'n predikaat by ander snw. voorkom.

'n Snw. kan egter ook sonder enige nadere aanduiding of byvoeging 'n ander snw. bepaal, m.a.w. as 'n predikaat daarby gebesig word; bv. in wendinge soos: *'n pond vlees, 'n mud koring, 'n mandjie druiwe, 'n bottel wyn, drie jare harde pad, in tien uur tyd.*

Na gelang van die klemtoon is die eerste woord die predikaat of die tweede. Wil 'n mens uitdruk dat daar 'n pond vlees is en nie twee pond nie, dan sal jy die klemtoon op *'n pond* laat val; is die wending bedoel om duidelik te maak waarvan 'n pond aanwesig is, dan word *vlees* nadruklik uitgespreek.

Opm. 1.—Net soos in die wendinge *nie veel saaks* e.d. het ook hier die bepaalde snw. in 'n verboë naamval gestaan; dit kom nog voor in *'n uur gaans, 'n eind weegs.*

Opm. 2.—'n Infinitief wat 'n ander snw. bepaal neem *om te*, bv. *die vermoë om vrygewend te bly. Die moeite om hulle agterna te loop.*

§ 216. Snw. met 'n lidwoord word agter 'n ander snw. geplaas om dit te bepaal, bv. *Willem die Veroweraar, Hendrik die Seevaarder, Willem die Swyger.*

Hierdie bepalande snw. is almal benaminge van persone wat 'n handeling verrig, en dit is dan gelykwaardig in funksie met onvoltooide deelwoorde en dus ook met bnw. soos in § 211 opgenoem.



§ 217. Nou verwant hiermee is die bystelling of apposiesie, waarby een naamwoord tot nadere bepaling in dieselfde funksie naas 'n ander naamwoord voorkom; die geval verskil van die in die vorige §, deurdat die apposiesie met die naamwoord wat daardeur bepaal word nie 'n éénheid vorm nie, en dit word aangedui deur 'n pouse by die praat, 'n komma by die skrywe. Ook die verbindende lidwoord bly dikwels agterweë. Voorbeelde is: *My broer, die deug niet, het 'n ruit gebreek.*

Die bystelling kan ook deur ander sinsdele geskei wees van die bepaalde naamwoord, bv. *En hy het daar bēwende en hygende gestaan — stomme, troue dienaar, redder van twee mense-lewens!*

In verbindingsge soos *Oom Paul, Koningin Wilhelmina* e.d. vorm die twee woorde 'n nouer éénheid.

§ 218. Dit kan gebeur dat die woorde, wat 'n naamwoord nader bepaal, nie net 'n hoedanigheid daaraan toevoeg nie, maar 'n meer selfstandige posiesie in die sin inneem. Dit sien ons bv. in die sinne: *Miskien was hulle juis deur die daelikse omgang nog geen één tot bewuste ontdekking gekom van die nuwe wonder-gevoel nie. Ons is geen één van goud nie. Die bure het my één vir één hulle handdruk gegee.* By die konstruksie: *Want dit was hulle lykstasie — hierdie bome, wat gister in al hulle trots en prag en praal gepryk het,* merk ons dat die spreker homself in die reële val deur af te breek, om vóór hy verder gaan die woord *hulle* te verklaar deur: *hierdie bome* (Langenhoven, "Ons Weg deur die Wêreld," I, p. 40).

In die algemeen gangbare wendinge van die tipe: *Dis 'n goeie perd daardie,* val dieselfde waar te neem, bv.: *dit was nie 'n os daardie wat speletjies verdra nie.*

## DIE ONDERWERP OF SUBJEK.

§ 219. Die onderwerp is dié element in die sin, wat eerste die aandag trek en die uitgangspunt van die mededeling is. Dit kan 'n persoon wees of 'n dier of 'n ding, en in die sin verteenwoordig word deur sy eie benaming of deur 'n plaasvervanger.

Volgens hierdie definiesie kan 'n sinsdeel die onderwerp wees, afgesien daarvan of die onderwerp die handeling verrig of ondergaan, in 'n toestand verkeer of gebring word, as dit maar die uitgangspunt van die mededeling uitmaak.

Die soort van onderwerp, psigologiese onderwerp genoem, val nie altyd same met die grammatiese onderwerp nie. 'n Voorbeeld sal dit duidelik maak. Wanneer 'n spreker 'n sin begint met die woorde: *die perd het my vader*, dan sal die hoorder geneig wees om dit aan te vul met: *geskop*, *afgegooi*, *baie gekos* of iets dergeliks, d.w.s. hy maak van die eersgenoemde rededeel, *die perd*, die hooffiguur van die sin. Gaan die spreker nou egter verder met: *gekoop*, dan maak hy eintlik *my vader* tot die hooffiguur van sy uitspraak, en dwing die hoorder om sy gedagteloopte te verander. Dit blyk dus dat *die perd* wel die spreker se uitgangspunt was, maar die predikaat: *het gekoop* behoort by 'n later volgende sinsdeel. Daarom word *die perd* die psigologiese onderwerp genoem, wat meestal vóóraan staan, en die grammatiese onderwerp, wat die handeling verrig is: *my vader*.

Dikwels, veral in geskrewe en sorgvuldig bestudeerde taal, staan die grammatiese onderwerp vóóraan in die sin, en die psigologiese en die grammatiese onderwerpe val dan same.

In die volgende paragrawe word net die grammatiese onderwerp behandel; oor die vóóraanplaatsing van ander rededele sal ons in die afdeling "Die Sin" handel; vgl. § 253.

§ 220. In ouer tale was die onderwerp, as dit 'n aparte woord was, ook nog verteenwoordig in die persoonsuitgang van die werkwoord. So het Nederlands nog: *ik loop*, maar: *hij loopt*; Engels: *I go*, maar: *he goes*.

In Afrikaans is daar nog 'n paar gevalle, waar die werkwoordvorm voldoende is om ook die onderwerp aan te dui, t.w. die imperatief: *kom! loop!* e.a., waarby 'n onderwerp nie noodsaaklik is nie. So ook die woordjie *glo*, wat amper 'n bywoord geword het in 'n sin soos: *die skip sal glo môre vertrek*, waarin *glo* die onderwerp, nl. *ek*, insluit, en ook nog 'n voegwoord, nl. *soos*; die genoemde sin kan "volledig" gemaak word deur te sê: *die skip sal — soos ek glo — môre vertrek*.

Die onderwerp word in die sin dikwels nog verteenwoordig deur 'n voornaamwoord. Dit gebeur veral wanneer baie rededele onmiddellik nà die onderwerp staan, waardeur dit opnuut in die herinnering geroep moet word; bv. *Die gousblomme en veldlelies, waarvan jy nou glad geen steel of stam of teken sien nie, die skiet dadelik op na 'n goeie reën.*

§ 221. Die eenvoudigste onderwerp is oorspronklik 'n aanwysende woord, 'n voornaamwoord of 'n eiennaam, wat die diens verrig om die aandag van die hoorder op 'n voorwerp te vestig; dit gaan baie maal gepaard met 'n aanwysende gebaar. Wanneer daar b.v. drie osse op 'n ry staan, sal hulle eienaar vir sy buurman sê: *dáúrdie is die beste*, en daarby die bedoelde os aanwys. Al die voornaamwoorde het nou nog 'n sekere mate van aanwysende krag. Dit gebeur egter dat die voornaamwoord niks meer doen nie as om 'n ander woord te verteenwoordig; die eersgenoemde woord wys 'n persoon of 'n ding aan, die voornaamwoord herhaal dit in 'n korter vorm. Daardeur is dit te verklaar dat in 'n sin soms tweemaal dieselfde onderwerp vlak ágter mekaar voorkom, bv.: *Die boer hy saai*, wat gelyk staan met twee sinne: *Die boer* as 'n aanwysing sonder 'n ww., *hy saai* as 'n sin met 'n predikaat, waarin die onderwerp *hy* die persoon uit die eerste sin herhaal.

Opm.—Veral in kleurling-Afrikaans kom hierdie verskynsel veelvuldig voor, bv. in die "Kafferlied" van Totius:

*Die kaffer eerste kom, die wilmens hy kom later,  
Die kaffer val die land, die wilmens hy val later,* ens.

§ 222. Hoe geringer die aanwysende krag word wat die onderwerp hoef te besit, hoe meer ook ander as aanwysende woorde daardie rol in die sin kan vervul. Die menslike taal het so ontwikkel, dat dit in die meeste gevalle nie nodig is om die onderwerp in die omgewing deur 'n gebaar aan te wys nie. In sinne soos: *'n mens is 'n lewende skepsel, 'n boom het takke en blare, 'n huis dien om in te woon, 'n berg is hoog*—word nie 'n bepaalde mens of boom of huis of berg bedoel nie, maar al daardie dinge word as bekend veronderstel, en die sinne het 'n algemene strekking. Sulke soort van sinne is dus alleen moontlik onder mense wat 'n sekere mate van taalkennis

opgedoen het, en wie se gees en taal daardeur op 'n hoër trap van ontwikkeling staan. Dis bekend dat in die kindertaal 'n sin as *huis droog*, uitgespreek terwyl dit buite reent, nie beteken: 'n *huis is droog*, of *elke huis is droog* nie, maar: *ons huis is droog*. Die kind dink by die name van mense en dinge altyd aan één vir hom bekende persoon of voorwerp, en die onderwerp wat hy gebruik het altyd nog baie aanwysende krag.

### Eiename.

§ 223. In die algemene taal, ook die van volwasse en beskaafde mense, is daar nog party subjekte wat net soos in die kindertaal taamlik sterk aanwysend is; dis nl. die *eie name*. Dié dui immers bepaalde persone of dinge aan, en wanneer iemand sê: *Jan is siek*, dan word net die één Jan aangedui, ook al is hy nie aanwesig nie.

Daar is party woorde wat gewoonlik net in die enkelvoud voorkom, bv. *God, son, wêreld*, al word in ander betekenisse ook gepraat van *gode, sonne* en *wêrelde*. Hierdie woorde het vanself aanwysende krag, al is dit nie só sterk as die krag van die vnw. *daardie* nie. Hoor 'n mens die sin: *water is die vyand van vuur*, dan dink jy nie aan 'n bepaalde emmer water of jou eie vuurherd nie, maar tog maak jy 'n aanwysende onderskeid tussen die twee elemente. En in die sinne: *Suid-Afrika is 'n mooi land, Stellenbosch het 'n Universiteit* — kan net aan één Suid-Afrika en aan één Stellenbosch gedink word. Hoewel daar dus graadverskille val waar te neem, is eiename almal aanwysend.

Die gebruik van tietels in die sin vertoon baie ooreenkoms met dié van eiename. Hulle kan sonder 'n nadere aanwyser voorkom, bv. *Is dokter tuis? Dominee het vandag mooi gepreek. Professor gee 'n klaseksamen. Meester behandel die grammatika*.

Tietels word dikwels met eicname verbind, bv. *President Steyn, Advokaat Langenhoven, Generaal Smuts*. In dié verbindings is *Steyn* predikaat by *President* of omgekeerd; dit hang daarvan af op watter woord die meeste nadruk gelê word. Vgl. § 217.

§ 224. Ten slotte kan elke snw. en selfstandige vnw. as onderwerp optree.

Wanneer 'n Afrikaner en 'n Nederlander albei praat van *die parlement, die hooggeregshof, die skatkis, die onderwyswet.* dan bedoel hulle nie dieselfde instelling nie, maar ieder sy eie. Die onderwerp is dus wel aanwysend, maar op 'n meer beperkte gebied, hier die land van die spreker. Dit word soms nodig om so 'n naam nader te bepaal; word daar bv. gepraat van die Transvaalse Republiek, dan kan in algemene sin gesê word: *die president was die hoof gewees*; word daar gepraat van 'n bepaalde jaar, bv. 1899, dan sal 'n mens sê: *President Kruger was die hoof*. Dit hang natuurlik vernaamlik af van die kennis van die hoorder of, en so ja watter, bepalinge deur 'n spreker by sy onderwerp gevoeg sal word. As twee Transvalers in die jaar 1899 oor Paul Kruger gepraat het, sal hulle die eienaam nie by die tittel hoef te gevoeg het nie; hulle sal gepraat het van *die President* of van *Oom Paul*, maar teenoor vreemdelinge van *President Kruger*.

Om dit algemeen te formuleer: die onderwerp het altyd aanwysende krag; wanneer dit wys na iets of iemand wat as bekend veronderstel word, of wat al bekend gemaak is gedurende die gesprek, dan sal die 'n nadere aanwysing kan mis; in ander gevalle sal 'n noukeurige aanwysing bygevoeg word.

Voorbeelde van ander woordsoorte wat as onderwerp fungeer is: *dood is dood, weg is weg, lekker is 'n vinger lank*.

§ 225. By 'n sekere groep van ww. staan 'n onderwerp wat geen inhoud het nie, en wat dus feitlik met dié ww. één geheel vorm. So 'n onderwerp heet 'n skynbare of 'n leë onderwerp, en die ww. 'n onpersoonlike ww. Voorbeelde is: *dit reent, dit onweer, dit haal*, dus ww. wat natuurverskynsels weergee, waarby aan geen bepaalde onderwerp gedink word nie. Eweneens: *dit ruis in die bome, dit dreun oor die veld, dit kletter en gons soos die haelkorrels spat*.

Opm.—In Afrikaans kom soms 'n persoonlike onderwerp voor by ww. wat natuurverskynsels weergee, bv. *God donder in die hemel, die wolke reën*. Vgl. § 113.

Ook waar wel 'n bepaalde, lewende onderwerp aanwesig is, kan die vnw. *dit* nader aan 'n skynbare onderwerp; bv. in die sin: *die kinders is hier bymekaar, dit speel en raas dat die stof so staan*. Hoewel *dit* vervang kan word deur *hulle*, voel 'n mens die woord tog nie as 'n persoonlike onderwerp nie. Vgl. ook § 82.

§ 226. Te onderskei van die skynbare onderwerp is die voorlopige onderwerp. Dit dien om die eintlike onderwerp in te lei en behoort by die gesegde, bv. *dit sal oormôre my Pa se verjaarsdag wees* staan volkome gelyk met: *oormôre sal my Pa se verjaarsdag wees*.

Veral kom dit voor in die wendinge *dis jammer, dis ongelukkig dat....*, ens.

§ 227. Die onderwerp kan enkelvoudig wees, soos in die voorbeelde wat ons tothertoe gegee het, maar ook veelvoudig. Enkelvoudig beteken hier nie net één-in-getal nie, dit kan ook 'n groep van gelyksoortige persone of dinge wees. In 'n sin: *die sterretjies skyn aan die uitspansel* is die onderwerp in getal 'n meervoud, maar vir die sin maak dit nie saak nie. Dit maak die indruk of so 'n meervoud van gelyksoortige persone of dinge maar as 'n éénheid, 'n groep, beskou word; tenminste wanneer daar geen aanwysing vir iets anders is nie. Anders is dit in sinne soos die volgende: *die hond en die kat slaap in die waenhuis*; hier is feitlik twee sinne samegevoeg, wat die predikaat *slaap in die waenhuis* gemeen het, maar 'n verskillende onderwerp. Nog duideliker blyk dit as één onderwerp 'n meervoud, die ander 'n enkelvoud is, bv.: *die studente en die professor gaan same uit*.

Dat die ww.- predikaat weggelaat is, word aangetoon deur die volgende: *die beste hardloop in die veld en die perde ook*. Hier is eers 'n volledige sin gevorm; naderhand word 'n nuwe sin, met 'n nuwe onderwerp, toegevoeg, maar die moeite om die hele predikaat te herhaal word gespaar.

Dergelike reekse van onderwerpe kan gevorm word deur die woorde eenvoudig naas mekaar te groepeer, bv.: *mense, perde, honde het gevlug*. In dié geval staan tussen die laaste twee woorde van die reeks gewoonlik die verbinding *en*.

Ander verbindingswoorde is: *ook, asook, asmede, insgelyks, dan nog, vèrder, buitendien, bowendien, eindelik, ten laaste, daarby, eweneens, daarenbowe, of, sowel... asook, nie alleen... nie — maar ook.*

§ 228. Die infinitief van ww. kan as 'n snw. gebesig word, en neem dan ook 'n lidwoord, 'n attributiewe bnw. of 'n ander bepaling by hom.

Dit kan, maar hoef nie, voorafgegaan word deur *om te*. bv.: *Daar is nie agterhou by hom nie. Om na die lekkerkry seer te kry, is baie seerder as om na die seerkry seer te kry. Koop 'n blous wat nie pas nie, en reken hy sal regkom met die dra. Om af te breek, is geen kuns nie* (Langenhoven).

### Die Voornaamwoord.

§ 229. Ons het al daarop gewys watter rol die voornaamwoord oorspronklik vervul het, en nou nog soms vervul, nl. die rol van aanwyser en plaasvervanger. Ook *dit* as 'n skynbare onderwerp by 'n groep van ww. het ons opgemerk.

Nou gaan ons die betekenis van die vnw. vir die sin in die algemeen nader bekyk.

Die gebruik van die persoonlike v n w. as plaasvervanger in 'n sin hou veral rekening met die natuurlike geslag van die persoon of dier wat vervang word. *Hy* en *sy* vervang manlike en vroulike persone en diere, bv.: *melk eers die koei klaar en huil dan oor die eerste bietjie wat sy uitgeskop het. 'n Lewenslose voorwerp of 'n gedagte word verteenwoordig deur die vnw. dit. 'n Voorwerp wat lewe, bv. 'n boom, word gewoonlik nie met dit, maar met hy weergegee. Ook na die abstrakta en gepersonifieerde saakname word met 'n persoonlike vnw. van die manlike of vroulike geslag verwys; bv.: Verdienste soek nie naar guns nie maar afguns soek naar h o m. Daarom het Adam en Eva die Paradys nie gewaardcer nie omdat hy hulle niks gekos het nie. Moenie die waarheid heeltemaal omdraai nie: hou h o m skuins. Wysheid is altyd kenbaar vir diegene wat h a a r leer ken het, maar dwaasheid blyf aan h a a r self onbckend* (Langenhoven). Vgl. ook § 82.

§ 230. Die derde persoon mv. van die pers. vnw. *hulle* word in verbinding met 'n eienaam of 'n persoonsnaam gebe-

sig om 'n groep van mense aan te dui, waarvan net die één wie se naam genoem word bekend is, en die ander altans vir die spreker onbekend in enige opsig, veral die getal; bv.: *Ek is jammer ek kan nie met Pretorius hulle saam gaan jag nie.*

Opm.—Die woord *hulle* kan amper as 'n meervoudsuitgang beskou word; daar is egter 'n groot verskil: *Pa-hulle* beteken nie: "‘n klompie Pa's" nie, maar: "Pa met 'n onbepaalde aantal ander mense saam."

§ 231. Die onbepaalde pers. vnw. is genoem in § 89. Die mees gebruikte is wel 'n *mens*. Dat die onbepaalde lidwoord 'n by hierdie vorm nog gebesig word, wys daarop dat *mens* nog as 'n persoonlike lewende iemand gevoel word, en dat die verbinding nog nie heeltemal sy ou betekenis verloor het nie, soos bv. die Nederlandse *men* en die Engelse *one*.

Verdere voorbeelde van die gebruik van 'n *mens* en *jy-jou* in dieselfde sin is: *'n Mens kan huilmiddels koop as jy geen droefheid voel nie. As 'n mens ander mense met jou lewe geen genoegte verskaf het nie, is dit tog iets om dit te kan doen met jou dood. As jy nie van iemand hou nie, doen hom 'n weldaad; daarna sal jy hom liefhê* (Langenhoven).

§ 232. Ook die vragende vnw. in verbinding met *so* dien as 'n onbepaalde vnw., bv.: *so wie geleer het om vas te trap, het daarby geleer om nie op sand te staan nie* (Langenhoven).

§ 233. Die onbepaalde vnw. *een* (*ene*) verteenwoordig, in verbinding veral met rangtelwoorde en ander aanwysende woorde, en na die vergrotende en oortreffende trap, alle soorte van selfstandige naamwoorde wat al eens van te vore genoem is.

bv.: *Hy het my twee hoede gewys, die eerste een te groot en die tweede een te klein.*

§ 234. Die geslugslose vorm van voornaamwoorde het dikwels betrekking op 'n hele sin of 'n gedagte wat nie uitgesprek is nie.

bv.: *Wie lieg dan ook om nie geglo te word nie? Selfs 'n-minister op 'n eleksie-kampanjie het dikwels meer verstand as dit.*

Ook na 'n meervoud, waarvan die inhoud as één geheel opgevat word, verwys *dit*, bv.: *Ek hoop die goeie rade wat ek hier gee, sal meeste gelees word deur vreemde mense. My eie bure kan my strakkies die onreg aandoen om op te let of ek self dit navolg* (Langenhoven). Vgl. ook § 82.



§ 235. As 'n kwessie wat ook in die sintaksis tuis hoort, gee ons nog 'n paar voorbeelde van die verskynsel in § 88 al opgenoem: *Die foute wat ons die minste voor aanspreeklik is, is die waaroor ons die kwaadste word. Ons het almal tamelik geduld vir die gebeurtenis wat iedereen die langste na moet wag. Die duiker wat jy die spoor van sien.*

§ 236. Op dieselfde manier as *dit* by onpersoonlike ww. as 'n onderwerp fungeer (vgl. § 225), kan dit ook as 'n onpersoonlike voorwerp gebesig word.

So kan naas mekaar die sinne gevorm word: *Hulle kry swaar* en *Hulle kry dit swaar*.

§ 237. 'n Merkwaardige sintaktiese gebruik van die besitlike vnw. vind ons, as dit aangewend word in plaas van 'n pers. vnw. met 'n voorsetsel, by naamwoorde wat van ww-stamme afgelei is, en 'n handeling of 'n toestand weergee, bv. *Geen leed is so bitter as sy vrees, en geen vreugde so heerlik as sy hoop nie.* Die wendinge *sy vrees* en *sy hoop* kan vervang word deur: *die vrees daarvoor* en *die hoop daarop* (Langenh.).

By 'n voltooide deelwoord kom die konstruksie ook voor, bv.: *Ondragelik is die gesig van my veronregte*, waarin die wending gelyk staan met: *hom (hy) wat deur my veronreg is* (Langenhoven).

### Die Lidwoord.

§ 238. Die mees voorkomende aanwyser by 'n snw. is die lidwoord. Wanneer die sin 'n algemene strekking vertoon, bly lidwoorde agterweë, bv. in: *hout dryf op water.* Word die twee snw. nader bepaal dan kry ons bv.: *'n stuk hout dryf op die water.* Die onbepaalde lidw. dien hoofsaaklik om 'n enkele voorwerp of persoon aan te dui teenoor die stof of die menigte; *'n hout* is meer bepaald as *hout*, *'n mens* meer as *mense*. Die bepaalde lidw. is nog iets sterker aanwysend as die onbepaalde, maar deur die veelvuldige gebruik word die krag amper nie meer gevoel nie. Wanneer 'n mens hoor sê: *die berge lê vol sneeu* dan word al die berge in die omtrek bedoel.

Opm.—Die bepaalde lidw. *die* was oorspronklik 'n aanwysende vnw. gewees; hierdie feit uit die historiese grammatika help om die waarheid van wat hierbo gesê is aan te toon.

Ons het reeds gesien dat die onderwerp oorspronklik 'n aanwysende woord was, maar dit het àl meer en meer as sodanig verswak, sodat hulpmiddels nodig geword het om die aanwysing nietemin uit te druk. En nie net die onderwerp kry 'n aanwyser by hom nie, maar al die snw. word daarvan voorsien, net soos partymaal cienne en tietels.

§ 239. Die lidwoord word herhaaldelik weggelaat om die algemene strekking van 'n sin te help bevorder. So veral in spreekwoorde en spreekwoordelike uitdrukkinge: *Agteros kom ook in die kraal. Noustrop trek. Tou opgooi. Kop uit trek. Ysterklou in die grond slaan. Dit is nog maar eerste hoepel. Aanhouer wen. Agterbly wen. Arbeid adel. Brandweg staan. Nood breek wet. Spotter kry sy loon.*

In opskrifte: "*Lammietjie en Wolf.*" "*Nederlanders en Afrikaners.*"

Ook in baie uitdrukkinge, veral die met 'n voorsetsel, bv.: *na kerk gaan. In lewe roep. Oor boord val. Van kant maak. Aan wal sit. Aan laer wal raak. Te voet reis. Te water en te land. VROUTJIE het my voor stok gehad. Vuur vat, asem kry, asem ophou, gedagte kry, breek aandraai.*

Opm.—Die laaste voorbeelde sonder 'n voorsetsel nader aan samestellinge. Vgl. § 177.

In die verbinding van *aan* + infinitief kan die lidwoord sowel weggelaat as gebesig word. So kan gesê word: *aan lewe hou, aan kom wees*, naas: *Aan die slaap wees, aan die groei kom, aan 't skiet raak.* Vgl. § 90.

Ook in die absolute konstruksies, vermeld in § 209, ontbreek die lidwoord: *hand in hand*, ens.

§ 240. Daar is gevalle waar 'n snw. sonder 'n lidwoord gebesig, amper die krag van 'n bywoord kry, bv.: *Hy vra tien pond stuk vir sy osse.*

Heeltemal as bywoorde doen diens die woorde *anderdag, agtermiddag*, e.d.m., soos opgenoem in § 199.

§ 241. Die snw. as 'n predikatiewe attriboot by 'n voorwerp gebesig, mis dikwels die lidwoord. Vgl. § 208.

Tog kom die onbepaalde lidw. eweneens voor, bv.: *Landsomstandighede het die man 'n arme-blanke gemaak.*

§ 242. In 'n klompie vaste uitdrukkinge word die bestaan van die lidwoord nie meer gevoel nie, bv. in *ter aarde bestel, ter dood veroordeel, alles ten beste*.

§ 243. Wanneer 'n besitlike vnw. selfstandig gebruik word, kry dit nie 'n lidwoord nie, bv. *Daardie perd is myne, die boek is joune, syne*.

Amper as 'n samestelling moet beskou word die verbinding van *s'n* met 'n substantief of pronomens, soos *Pa-s'n, ons-s'n, wie-s'n*; hierby word ook nie 'n lidwoord gevoeg nie.

### Die Voorsetsel.

§ 244. Die snw. word in die sin verder dikwels gekenmerk deur 'n voorsetsel, wat 'n verband lê tussen die snw. en die res van die sin. Alléén kan 'n voorsetsel nie optree nie; met die snw. saam vorm dit dikwels 'n nouer éénheid en druk dit allerlei betrekkinge uit, bv. die volgende:

Plek (rigting na): *Die dassie kruip in die gat in.*

(rus): *Die sneeu lê op die berge.*

(rigting waarvandaan): *Die leeu kom uit die*

*bos uit.*

Tyd: *Oor 'n jaar, om tien uur, binne 'n maand.*

Oorsaak: *Deur die reëns het die rivier afgetom.*

Rede of grond: *Uit vrees vir straf bly die kind weg. Om sy Pa ontwil werk die kind ywerig. Weens gebrek aan bewys is die beklaagde losgelaat.*

Middel: *Met 'n pen skryf ons.*

Gevolg: *Tot vreugde van sy ouers het Jan geslaag.*

Doel: *Om eerste te wees, moet jy hardloop.*

Voorwaarde: *In geval van brand help die bure blus.*

Toegewing: *Ondanks die vrede, is daar nog geen rus nie.*

Omstandigheid: *Onder trane het hy skuld bekem.*

Maat: *Die wol word per pond verkoop.*

Prys: *Vir tienduisend pond is die plaas te koop.*

Verhouding: *Onder omstandighede is die sieke taamliek wel.*

Uitsondering: *Behalwe hul klere het die vlugtelinge niks.*

'n Opsomming van verskeie voorsetsels met hulle verskillende betekenis word in die hoofstuk "Betekenisleer" gegee.

§ 245. Die voorsetsel staan meestal vóór die snw., soos in al die voorbeelde in die vorige paragraaf. Ook samegestelde voorsetsels kan die plek inneem, bv. *vanaf die tiende Desember is dit vakansie.*

Wanneer daar meer as één voorsetsel gebesig word, kan hulle die één voor, die ander agter die bepaalde woorde staan, bv.: *Die generaal ry voor die troepe uit. Die waens ry om die bult heen. Die kuikens loop agter die hen aan. Die toring is sigbaar bokant die bome uit. Jy beur die hoed op jou kop in. Dis jammer dat 'n mens nie jou grafsteen kan saamneem naar die plek toe waar jy graag so'n getuigskrif sal wil hê om te wys nie. Tot vandag toe het ons gewag.*

Opm.—Die tweede voorsetsel gaan dikwels same met die ww., en vorm daarmee dan 'n skeidbare samestelling, bv. *Die toring steek bokant die bome uit.*

§ 246. In Afrikaans word dikwels dieselfde voorsetsel herhaal agter die bepaalde woord, bv.: *Die jakkalse vlug in die rantjies in. Daar kom Jan uit asem uit aan.*

Opm.—Die dubbele voorsetsel dui gewoonlik 'n beweging aan, die enkele voorsetsel 'n rus.

### Die Telwoord.

§ 247. Die hooftelwoord staan vóór die snw., bv. *één huis, twee perde* ens.

Die rangtelwoord, feitlik 'n bnw., staan daarvóór of daaragter, bv. *die eerste dorp, Lodcwyk die Veertiende.*

Ook hoofgetalle met die funksie van ranggetalle staan agter die snw., bv. *die jaar 1923, Lukas vier.*

Die woord *genoeg* kan sowel agter as vóór die snw. staan, bv. *genoeg hout* of *hout genoeg.*

Opm.—Merkwaardig is die gebruik van die hooftelwoord as 'n bepaling van hoedanigheid onmiddellik ná die snw., bv. *'n boer honderd.*

Die woord *helpte*, sonder 'n lidwoord gebruik, doen eintlik diens as 'n telwoord, bv. in die sin: *Maar 'n mens ont-hou mos altyd helpte en jy vergeet die ander driekwart. Moenie met 'n agent handel nie: soek die prinsipaal en gee hom helpte van die middelman se profyt* (Langenhoven).

Om 'n getal by benadering uit te druk word die hooftelwoord voorsien van die daarvóór geplaaste *of*, bv.: *'n stuk of vyf, 'n pond of twintig.*

## SINSLEER.

Ook kan vir dieselfde doel twee telwoorde sonder verbinding naas mekaar kom, bv.: *Die rivier is hier 'n goeie twee-drie honderd tree breed.*

§ 248. 'n Fyn hulpmiddel om die klein getal of ook die enkelvoud van 'n snw. in die sin aan te dui, besit die taal in die verkleinwoorde. As sodanig dien dit in die volgende sinne: *Eén swaeltjie maak nog geen somer nie. Nou sit ons net met daardie miesrawele rooi-bont koei... en haar ou paar druppeltjies blou melkies.*

Albei funksies, verkleining en alleen-plaatsing, kan waargeneem word in: *In die dag is die baie sterretjies weg en óns ou enetjie vertoon 'n son. Hier in die onbeteuelde mag van 'n urede onmenselike worstaard lê daar nou, as kostelike prooi, hulpeloos en redeloos, enetjie van die gehate ras. Hulle was daar stil bymekaar...wat geen ander geselskap begeer het as hulle eie "ons-twee-alleentjies"* (Langenhoven).

## DIE SIN.

### A. Sinsvorme.

§ 249. Deur die samevoeging van onderwerp en predikaat, wat albei nog verder aangevul kan word deur bepalinge, ontstaan 'n sin.

In die afdeling Die Sin sal ons dus die sin gaan bekyk, nadat in die voorafgaande afdelinge sy twee ver-naamste bestanddele uitvoerig bespreek is.

Ons behandel eers die enkelvoudige sin, en maak daarby twee onderafdelinge, waarby die sinne beskou word:

(a) Volgens die vorm of uiterlike funksie.

(b) Volgens die betekenis of innerlike funksie.

### Ooreenstemming of Kongruensie.

§ 250. In iedere sin heers 'n sekere ooreenstemming of kongruensie tussen dié dele wat betrekking het op dieselfde gedagte, veral tussen onderwerp en predikaat. Hierdie ooreenstemming het in ouer tale baie beter uitgekom as in nuwe. Ons het in die Vormleer gesien dat óén ww.-vorm in Afrikaans gebesig word vir alle persone enkelvoud en meervoud; dié lidwoord ken net óén vorm, wat orals diens doen, e.d.m.

Tog is daar nog gevalle waar die kongruensie kan waargeneem word. So sal 'n sin met 'n enkelvoudige onderwerp, bv. *Die boer het sy plaas verkoop*, minstens twee woorde verander as die onderwerp meervoudig word, nl.: *Die boere het hulle plase verkoop*.

Die besitlike vnw. rig hom in getal na die onderwerp. Wat die voorwerp betref kan soms tussen enkel- en meervoud gekies word; 'n mens kan ewegoed sê: *die lanterns laat hulle lig as hulle ligte skyn*. Dit hang ook daarvan af of die spreker die aparte *ligte* wil laat uitkom of nie, en dit raak dus aan die stylleer.

Ook is die ooreenstemming tussen voornaamwoorde en snw. waarvan hulle die plaasvervangers is, byna vanselfsprekend; bv. *Die kinders het laat tuisgekom*; *hulle was op 'n piekniek*.

Opm.—By versamelname in die enkelvoud staan dikwels 'n vnw. in die mv., bv.: *Die stroom van nuusgieriges beweeg almal in dieselfde rigting. Ons volk vereer hulle helde. Die jeug vergeet soms hulle pligte*.

Kongruensie van die bnw. met die snw. kom in Afrikaans nie voor nie; die verbuiging van die bnw. het niks met getal of geslag te doen nie, soos in §§ 94—96 uiteengesit is.

§ 251. In die enkelvoudige sin val daar verder ooreenstemming waar te neem tussen die tyd van die ww. en bywoorde van tyd. Bywoorde en byw. uitdrukkinge soos *gister*, *die ander dag*, *onlangs* wat die verlede te kenne gee, kry die ww. eweneens in die verlede tyd, bv.: *gister was dit mooi weer gewees, die ander dag het ons fees gevier*. Bywoorde soos *vandag*, *teenswoordig* vereis die ww. in die teenwoordige tydsvorm; sulke soos *môre*, *oormôre*, *komende maand* kry dikwels die toekomstige tyd: *volgende week sal my vader jarig wees*. In Afrikaans word by die laaste kategorie van bywoorde egter die teenwoordige tyd ewe veelvuldig gebruik as die toekomstige tyd, bv. *môre gaan ek uit. Ek kom netnou*. Vgl. § 134.

### Woordorde.

§ 252. Die woordorde is 'n element van groot gewig vir die betekenis van 'n sin. *Piet slaan Jan* beteken presies die teenoorgestelde van *Jan slaan Piet*. In Afrikaans staan in die

gewone mededelende sin die onderwerp vóóraan, as daar geen besondere rede is vir 'n ander volgorde nie. Dit beteken baie vir die gemaklike onderlinge verstaanbaarheid, want die hoorder kan, sonder besondere aanduiding, verwag dat die eersgenoemde woord die onderwerp gaan wees; 'n spreker loop gevaar om verkeerd verstaan te word as hy deur 'n willekeurige verandering van hierdie gebruik afwyk. Ons kan hierdie gebruik 'n soort van kongruensie tussen die onderwerp en sy plek in die sin noem. Die ou "eerste naamval" is dus nie meer deur iets eiens in vorm gekenmerk nie; die sin vertoon in sy gewone vorm die onderwerp vóóraan.

Die predikaat volg meestal so gou as moontlik op die onderwerp, terwyl alle verdere uitweidinge of bepalinge aan die end kom. Ook die voorwerp staan agter die predikaat.

Opm.—Dit gebeur somtyds dat daar dubbelsinnigheid ontstaan, wanneer 'n sin van die reëlmatige woordorde afwyk. 'n Humoristiese voorbeeld daarvan vind ons in Langenhoven se "Sonde met die Bure": "*Aha,*" sê ek. "*ons het wors en paling vanaand ... Die paling het 'n seun in Oude Muragie se rivier gevang — die seun die paling dan, nie die paling die seun nie.*"

§ 253. Die reëlmatige woordorde kan om verskillende redes gewysig word. Die vernaamste aanleiding daartoe is die nadruk wat somtyds aan 'n ander sinsdeel as die onderwerp gegee word, en wat daardeur vóórop te staan kom. Sulke soort van sinne hoor 'n mens daeliks, bv.: *môre gaan ek uit.* Hierby moet opgemerk word dat die onderwerp *ek* agter die predikaat *gaan* kom; dié woordorde heet daarom omgekeerde woordorde of inversie.

Die mees voorkomende inversie is dié na 'n voorafgaande bywoordelike bepaling. In ander gevalle staan 'n woord voorop in die sin om bv. 'n teenstelling uit te druk.

As daar misverstand uit die konstruksie sou kan ontstaan, word dikwels omskrywinge gebesig.

Soos blyk uit die voorbeeld *môre gaan ek uit*, word in geval van inversie nà 'n voorafgaande byw. bepaling die ander bepaling heeltemal aan die end van die sin geplaas. So ook in: *Gister het die wind die hele namiddag sterk gewaai*, en so altyd in gewone taal. In die geval van samegestelde ww.-

forme, soos *gaan uit, het gekom, sal kom*, word die onderwerp en die bepalinge tussen die twee dele van die gesegde geplaas, bv.: *Teen die aand het die wind skielik bedaar*.

Somtyds is daar 'n neiging om die hele gesegde in al sy dele bymekaar te hou en die onderwerp aan die end te plaas. Tog gebeur dit alleen in besondere omstandighede, wanneer die spreker bv. opgetoë is. So kry ons sinne: *By ons volk moet aangekweek word 'n smaak vir 'n beter klas musiek. Hier op Stellenbosch word gesing die Afrikaanse lied*.

Hoewel 'n dergelike woordorde in bepaalde gevalle heeltemal doeltreffend kan wees, moet die oordrewe gebruik daarvan afgekeur word, omdat dit maklik kan ontaard in gekunstelde styl.

§ 254. Die volgorde waarin die bepalinge by die predikaat aansluit, gehoorsaam eweneens aan sekere reëls. Is daar nl. meer as één bepaling, dan kom die voorwerp eerste na die gesegde; daarna die minder nou verbonde bepalinge, bv.: *Pict slaan Jan op sy kop*. Is daar meer as één voorwerp, dan is die onderlinge volgorde daarvan vry; so kan ewegoed gesê word: *Ek het vir jou iets moois saamgebring, as: Ek het iets moois vir jou saamgebring*.

Die verdere volgorde hang hoofsaaklik af van die nadruk, maar as dit geen rol speel nie, dan tree 'n bepaling van tyd eerste op, en daarna 'n bepaling van plaas, bv.: *Die boot vertrek môre uit die hawe*, maar om die nadruk: *Ons vertrek strand toe môre vroeg*.

§ 255. 'n Vraagsin vertoon inversie: *Loop ons? Waai die wind? Bars die bom?* Met 'n vraagwoord: *Wat maak hy? Hoe laat vertrek die trein? Waarom kom hy nie? Hoe-kom lag jy?*

Opm.—Wanneer iemand 'n vraag wat aan hom gerig was herhaal, dan word die woordorde ten dele herstel, bv. A: "*Wat maak Paul?*" B: "*Wat Paul maak? Hy pluk blomme.*" Maar ook Vr.: "*En waarvoor wil jy hulle keer?*" Antw.: "*Waarvoor wil ek hulle keer?*"

Ook uitroepsinne kry partymaal die vorm van vraagsinne. As bv. iemand 'n pot met water omgooi, sal hy uitroep: "*wat maak ek nou!*" waarby van 'n vraag geen sprake is nie. So kok: "*Hoe mooi drywe die wolkies in die blou lug!*"



§ 256. Dit kom voor, hoewel taamlik selde, dat woorde wat bymekaar hoort, van mekaar geskei word deur sinsdele wat ingeskuif is. So bv. by Langenhoven: *Jy weet mos my ou vrou — tant' Hessie — het daardie weeskindjie aangeneem om groot te maak van haar seun Piet.*

Nie ongewoon is die verskynsel dat die bywoordelike bepaling *al te* van die bepaalde bnw. geskei word deur die onbepaalde lidwoord 'n. So skrywe Langenhoven: *Die spulletjie hier was al te 'n groot grap.* As die meer normale wending sal egter 'n *al te groot grap* beskou moet word.

### Groepvorming.

§ 257. Onder groepvorming word in die sinsleer verstaan die aanéénsluit van woorde tot groepe wat 'n sekere mate van selfstandigheid vertoon ten opsigte van die sinsverband waarin hulle voorkom. Dié selfstandigheid blyk uit die woordorde, d.w.s. die volgorde wat die woorde binne die groep inneem. Elke groep het 'n bepaalde woordorde wat gehandhaaf bly, ook al kom die groep in 'n nuwe sinsverband te staan. Die eenvoudigste soort van sintaktiese groepe is die tot één geheel geworde samestelling van twee woorde in 'n vaste verband. Die volgorde van die samestellende dele is beslissend vir die betekenis van die geheel en kan dus nie verander word nie. As 'n mens in die sin: *ons eet waterlemoen* die volgorde van die samestelling se dele sou verander, sou jy iets heeltemal anders vertel.

Oor die samestelling, in die algemeen het ons reeds gehandel in die paragrawe 170 — 180.

Omdat ons hulle hier beskou as sintaktiese verskynsels, wat hulle feitlik nog is, moet die aandag daarop gevestig word dat nie al die samestellinge dieselfde graad van vastheid vertoon nie. Veral die Afrikaanse taal besit hierin 'n baie fyn middel om die verskillende nuanses in betekenis te laat uitkom, en 'n skrywer wat sy "vak" verstaan, weet hoe om van hierdie rykdom gebruik te maak. 'n Voorbeeld sal dit toelig. Langenhoven laat ou Oom Hendrik sy spookgeskiedenis vertel, en die oubaas kom tot die sin: *Ek was nou tamelik by my positiewe maar koud, so koud dat my murg seker harde-vet was in my bene.* Wat 'n beeldende krag skuil daar in die skynbaar be-

tekenlose koppelteken tussen *harde* en *vet!* Die één tekentjie laat ons duidelik besef watter nou verband daar tussen die twee woorde *harde* en *vet* in die sinsverband bestaan. Die behoefte aan dergelike eenheidsvoorstellinge het tallose samestellinge laat ontstaan, 'n verskynsel wat elke dag nog in Afrikaans kan waargeneem word.

Ander voorbeelde by Langenhoven is: *'n Perd het 'n slegte manier as jy hom water-gee en jy is haastig. Ek sal nie langer met jou woorderuil nie. Lug wat besoedel is soos in 'n toeslaapkamer. Waar 'n mens nie die daad-self kan weglieg nie, kan jy altyd 'n ekskuus bylieg.*

§ 258. Dis nie net vaste groepe, soos samestellinge, wat hulle eie woordorde in die sin handhaaf nie. Ons gaan weer uit van 'n voorbeeld. Langenhoven skryf: *Die olifant spuit jou altemit in jou kisklere nat met die tweede gelui, as jy juis die slag móét daar wees om te laat kind doop.* Die sintaktiese groep in hierdie sin is: *te laat kind doop.*

Ewegoed sou die sin kon gelui het: *. . om ('n) kind te laat doop.* Ons kan twee oorsake opnoem waarom in hierdie geval egter juis dié bogenoemde sinsvorm optree. Ten eerste is dit 'n baie gewone wending om die infinitief van die ww. met *om te* te verbind, bv.: *Ek gaan bed-toe om te slaap; Oom gaan uit om te jag.* Kom 'n voorwerp by die infinitief, dan word dit tussen *om* en *te* geplaas; bv.: *Oom gaan uit om bokke te jag.* Maar tengevolge van die sterk gewoonte om altyd weer die groep *om te* + 'n infinitief te gebruik, kan dit maklik gebeur dat 'n spreker of skrywer sy sin begint, en as hy ten slotte kom by *om*, dat hy dan volgens die ou gewoonte verder gaan: eers *te*, dan die infinitief, dan die res.

Ten tweede is die groep *kind doop* in hierdie sin mooi op sy plek, want dit het 'n algemene strekking, soos die hele sin. Daar staan geen lidwoord by *kind nie*, dus word dit onbeslis ge-laai of daar nie dalk 'n tweeling is nie.

Wanneer 'n mens die plegtige verrigting nog sterker as één voorstelling wil gee, dan kan jy net skrywe: *kind-doop*, en jy het die "samestelling" bereik.

Konklusie: Die mag van die gewoonte en die behoefte aan aanskoulikheid is twee vername faktore wat altoos werksaam is om die gedaante van die sin te help vorm.

Ander voorbeelde van groeppvorming by Langenhoven (waarby ons in die gegewe sinne die groepe tussen vertikale strepies plaas), is die volgende: *Nee Dominee, | laat staan | die uitspan.* Hier speel die nadruk 'n rol om *laat* en *staan* naas mekaar te hou, en nie te sê: *laat die uitspan staan* nie.

*As 'n mens nou eenmaal moet | met een klaarkom.* Weer die nadruk, maar ook die gewoonte.

*As die ander man nie wil | die helfte van die pad gee nie. Wanneer 'n ander baas | jou sal laat | vroeg opstaan. As jy jou nie kan | lanjsaam haas.. nie. As ek die begeerte nog waag sou ek dit graag so wil hê dat die engel wat my | kom haal | huistoe | my daar bring met die verslag: "Ek het hom by sy werk gekry."*

### Hendiadys.

§ 259. H e n d i a d y s (Grieks: "één deur twee") word die konstruksie genoem, waarby één voorstelling deur twee woorde wat gelykwaardig naas mekaar gebruik word, en deur en verbonde is, uitgedruk word. Die sin *hy staan en praat* bv. beteken: "hy staan terwyl hy praat," of: "hy praat terwyl hy staan." Hierdie konstruksie is eintlik 'n los samestelling, en die éénheid daarvan word bewys in die voltooide tyd, bv.: *hy het gestaan en praat*, waar net één *ge* volstaan. Die krag van die "samestelling" word ook getoon, wanneer net één van die twee verbonde ww. oorganklik is, bv. die tweede, en die voorwerp in die sin by die ander onoorganklike ww. te staan kom, bv.: *As jy 'n gerugte wil versprei, moenie hom loop en rondskree nie.*

Die éénheid van die voorstelling word nie verbreek, wanneer tussen die twee ww. 'n ander sinsdeel ingevoeg word nie, bv.: *Hy loop die heel dag en sing.* In die voltooide tyd: *Hy het die heel dag (ge)loop en sing*, het die twee ww. weer by mekaar gekom volgens die reël wat in § 253 genoem is.

**Naasmekaarplaatsing of Koördinasie van Sinsdele.**

§ 260. 'n Aantal sinsdele met gelyke funksie in die sin kan verbonde wees en 'n reeks vorm. Daarby kan die woorde sonder meer naas mekaar staan, bv. *mans, vrouens, kinders*. Ook kan bindwoorde gebruik word, bv. *mans en vrouens en kinders*; gewoonlik staan die woordjie *en* net tussen die laaste twee dele van die reeks. Ons maak van die woordreekse twee afdelinge:

(a) Reekse waar die gebruik van lidwoorde nie noodsaaklik is nie.

1. Verbindende of kopulatiewe reekse: 'n Sin sonder bindwoorde het ons reeds gegee; as bindwoorde in hierdie reekse kan o.a. optree: *en, (en) ook, asook*, en ander woorde soos opgenoem in § 227.

Wanneer die dele van die reeks van groter of kleiner belang is ten opsigte van mekaar, dan word as verbindingswoorde o.a. gebesig: (*ja*) *sels, veral, laat staan, nie alleen.. nie — maar ook*; bv. *Hy is nie eers teleurgesteld nie, laat staan kwaad*.

2. Reekse wat 'n tydsopvolging uitdruk (temporale reekse). Sonder 'n bindwoord, bv.: *Hy het soldaat geword, kaptein, generaal*. In sulke sinne help die toonhoogte om die opeenvolgende trappe, wat in belangrikheid toeneem, te onderskei.

As bindwoorde dien o.a.: *eers, daarna, vervolgens, toe, dan, (en) (te)gelyk, tevore, vroeër, voorheen, naderhand*.

(b) Reekse waarin bindwoorde onmisbaar is. Hier sien ons die volgende soorte van reekse:

1. Skeidende of disjunktiewe reekse: Bindwoorde is: *of, of..of, hetsy.. of*. bv.: *Of Jan of Piet moet my help*.

2. Teenstellende of adwersatiewe reekse: Bindwoorde is: *maar, (en) tog, nietemin, ofskoon, (al)hoewel*; bv.: *Die man is ryk en tog ongelukkig*.

3. Toegewende of konsessiewe reekse: Bindwoorde is: *wel nie.. maar (tog), nie.. daarenteen, indien (so) nie.. (dan) tog, (maar) darem*. bv.: *Ek is wel nie ryk nie, maar tog gelukkig*.

4. Gevolgaanduidende of konsekatiewe reekse. Bindwoorde is: (*en*) *dus, daarom, derhalwe, bygevolg, dientengevolge, (en) daardeur, hierdeur, (en) dan ook*. bv.: *Die kind is siek en daarom afwesig*.

**Vergelyking.**

§ 261. Om ooreenstemming uit te druk word verskillende partiekels gebesig, dikwels twee in elke sin, wat dan op mekaar betrekking het en na mekaar verwys. Vgl. die volgende:

<i>as:</i>	<i>Hy het as held gesterwe.</i>
<i>soos:</i>	<i>'n Vrou sien deur 'n man soos deur 'n ruit.</i>
<i>nes:</i>	<i>Hy lyk nes sy vader.</i>
<i>so.. as:</i>	<i>Jan is nie so vlytig as Piet nie.</i>
<i>so.. soos:</i>	<i>Ek praat nie so malkop soos julle nie.</i>
<i>netso.. as:</i>	<i>Die vader hou net so baie van sy dogter as van sy seun.</i>
<i>ewe.. as:</i>	<i>Die speler is ewe rats as sterk.</i>
<i>hoe + komp... des te:</i>	<i>Hoe meer jy werk des te meer verdien jy.</i>
<i>hoe + komp... hoe:</i>	<i>Hoe meer hoe beter.</i>

Na 'n vergrotende trap word *dan* of *as* gebruik (vgl. § 101), bv.

*'n Steeks pêrd beteken nie veel meer as één wat skop nie.*

Wanneer twee infinitiewe vergelyk word, dan kan die een, wat nà *dan* of *as* staan, om te neem, bv.: *Ek het ondervind dat hulle liever wil praat as om te luister.*

Nou verwant aan die vergelyking is die **uitsondering**. Hiervoor word die partiekels *behalwe*, *uitgenome*, *uitgesonderd* gebesig.

bv. *Al die kinders behalwe twee het geslaag.*

**Pleonasme.**

§ 262. **Pleonasme** heet die verskynsel dat daar redele in 'n sin voorkom wat oorbodig is.

In § 221 het ons al gesien hoe die onderwerp herhaal kan word deur 'n vnw., bv. *die wilmens hy kom later*, hoewel die herhaling deur 'n persoonlike vnw. meer spesiaal in taal van kleurlinge optree. Die herhaling deur die swak aanwysende vnw. *die* is ook in die algemeen beskaafde taal nie ongewoon nie, bv. in Keet se gedig "Die Lied van die Koringboer": *Die hael die gons, Kanonne die gaan te keer; by 'n voorwerp: En haar gesig die sien ek tog.*

Ook 'n bywoordelike bepaling word somtyds deur 'n enkele bywoord herhaal, bv.: *Bokant die water sweef daar 'n voël Die derde dag toe kom hy. In Duitsland lyk dit ons asof hulle daar die hoop opgegee het.*

Partiekels word in 'n ander vorm herhaal, en versterk mekaar, bv. *Ons hou almal van 'n mooi vrou, al is sy ook selfs ons eie.*

## B. Sinsoorte.

§ 263. In die afdeling sinsoorte word 'n indeling toegepas wat as maatstaf neem die innerlike funksie of betekenis van die sin. Aangesien 'n sin die openbaring is van 'n werksaamheid in die menslike gees, sal ons in ons groepering by hierdie geestelike werksaamheid aanknoop.

Daar ons in hierdie afdeling maar met dieselfde sinne te doen het as in die afdeling oor sinsvorme, lê die waarde van die nuwe groepering o.a. hierin, dat dit 'n kontrole vorm op die eerste indeling. Ons sal sien hoedat sinsvorme, sinne dus wat 'n bepaalde gedaante vertoon, dikwels 'n ander funksie verrig, as wat ons van hulle sou verwag.

Die verdeling wat ons maak is as volg:

1. Sinne wat dien as uitroep.
2. Sinne wat dien as wens.
3. Sinne wat dien as bevel.
4. Sinne wat dien as toegewing.
5. Sinne wat dien as bedreiging.
6. Sinne wat dien as afweer en weigering.
7. Sinne wat dien as uitspraak en mededeling.
8. Sinne wat dien as vraag.

Die indeling en die volgorde van die rubrieke hou rekening met die historiese ontwikkeling van die menslike taal, van meer primitiewe en spontane tot meer volmaakte en beredeneerde uitinge.

§ 264. Sinne wat dien as uitroep. In § 183 het ons al daarop gewys hoe die sinsvorming begin het by die uitroep. Daardie onwillekeurige beweginge is oorspronklik monologies, d.i. éénwoordig, maar na gelang die taal verder ontwikkel, vind 'n mens hele sinne wat onwillekeurige uitroepe is. Alleen die groter voorraad van woorde en sinne is oorsaak

dat bv. iemand wat heeltemal alleen in sy huis is, by 'n ongeluk uitroep: “*Au, hoe het ek my op my hand gekap!*” In “Sonde met die Bure” vertel Sagmoedige Neelsie van homself: *Ek was al te in my skik*. Dan gaan hy skielik verder: “*En, Vroutjie— a, maar sy sal bly wees oor hierdie speeldingetjie wat ek vir haar bring!*” Uitroepe ontstaan egter nie net onwillekeurig nie; partymaal is hulle tot ander persone gerig, en word dan somtyds 'n bevel, (vgl. § 266).

Opm.—'n Uitroep gee soms aanleiding tot misverstand, juis deur sy karakter as 'n spontane uiting, wat soms opgevat kan word as 'n wilsuiting of bevel.

#### 1. Die tussenwerpsel. Vgl. § 184.

Hier moet ons opmerk dat aan die tussenwerpsels soms woorde toegevoeg word, wat saam daarmee 'n sinnetjie vorm; die mees bekende geval is: *wee my!*

#### 2. Die vokatief.

Die vokatief is meestal net die eienaam of snw., en dit dien om aan te wys dat 'n spreker hom tot die aangeroepe persoon rig om te praat. Die karakter van 'n uitroep het die vokatief veral dan, wanneer die spreker op een of ander wyse ontroer is, bv.: *skurk! jou ellendeling! domkop!*

Ontroering is minder sterk, wanneer die vokatief net dien as 'n toeroep en 'n sin inlei, bv.: *Dames en Here*, by die begin van 'n lesing.

Van belang is die toon waarop 'n vokatief uitgespreek word. Dit kan bly wees of boos, waarskuwend of aanmoedigend. Dit verdien die aandag dat woorde wat die vokatief bepaal, meestal op dieselfde toon uitgespreek word, bv.: *Jou onnosele klipsteen! My arme kind!*

#### 3. 'n Uitroep kry partymaal die gedaante van 'n mededelende sin, bv.: *Dis pragtig! Daar kom hy! A, daar het ek hom uit!*

Ook verkorte sinne kom veelvuldig voor, bv.: *Verwaande ydelheid! Eindelik, eindelik—my verlossing! En dors—ek kan doodgaan van die dors.*

#### 4. Deur verwondering, twyfel, verleentheid e.d. neem die uitroep die vorm aan van 'n vraag, bv.: *Is ons nog nie tuis nie?! My lieue wereld, Annie, is dit jy?!*

5. 'n Aparte soort van sinne vorm dié wat met 'n vraagwoord begint, bv.: *Wat 'n snaakse ou! Hoe baie maal het hy al gedruip! Ja, hoe gesellig sou die aand nie wees nie, Vroutjie! Hoeveel verstandiger was die ou manier tog nie! Arme Meester! Hoe sou hy sy hoof nie skud nie!*

Dikwels het die soort van sinne 'n slegte betekenis, bv.: *Wat 'n luiak!*

6. In Afrikaans kom na 'n uitroep herhaaldelik 'n afhanklike vraag wat met *of* begint, bv.: *En ek het so rond gevoel dan teen 'n muur en dan teen 'n tafel, maar vervlak of ek weer by die voordeur kon kom!*

7. Sinne met *dat*. bv.: *Dat hy so aan sy end moes gekom het!*

§ 265. Sinne wat dien as wens. Ons onderskei:

1. Die optatief van die ww., waarvan in Afrikaans net nog spaarsame reste oorgebly het; dit is die oudste vorm van 'n wens. bv.: *Lewe die generaal!*

Verder word dit omskrywe deur hulpww., bv.: *Mag God hom genadig wees! Ag, mog dit tog reent! Laat ons gaan!*

2. Die vraag, bv.: *Sal iemand van julle my help?* (= laat iemand.. help).

3. Afhanklike sinne wat selfstandig optree.

a. *dat-sinne*, bv.: *ag, dat hy tog wou luister! Dat God hom mag straf!*

b. Sinne met *wanneer* of *as*, bv.: *as ek maar kon gaan help! As my Pa maar hier was!*

4. Verkorte sinne, bv.: *Middag, Oom. Môre.*

§ 266. Sinne wat dien as bevel. Ons maak die volgende rubrieke:

1. Die imperatief van die ww., bv.: *Kom! Staan stil! Loop!*

Soms in verbinding met die persoonlike vnw., bv.: *As die ander man nie wil die helfte van die pad gee nie, gee jy dan die hele.* Terwille van die nadruk word so 'n imperatief herhaal, bv.: *Klim af, Dominee; klim af, klim af.*



2. Modale hulpww., veral van die derde persoon, bv.: *laat hom kom! Laat die beskuldigde hom verdedig!*

Met die eerste persoon: *Laat ek jou maar 'n huislike geheim vertel. Laat ons naderskuiwe na die vuurtjie toe en gooi tog nog één van daardie stompe op.*

3. Sinne met 'n aantonnende wys, wat op 'n bevellende toon uitgespreek word, bv.: *Jy kom saam! Julle moet my help! Kerneels, jy verkoop nie die olifant nie. Jy bring daardie ding nie hier by my hek in nie. Ek seg jy sal nie skiet nie.*

Hierby hoort die sinne met *moenie*, wat sowel vir die meervoud as vir die enkelvoud dien, bv.: *Moenie in jou lewenstyd jou besittinge onder jou kinders verdeel nie.* Dat die woord *moenie* nie meer in sy bestanddele gevoel word nie, word bewys deur die gebruik van 'n pers. vnv. daarna, bv.: *As jou seun of dogter 'n ernstige kwaad gedaan het, moenie jy die strengste regter wees nie.*

4. Die vraag. bv.: *Sal jy dadelik kom? Gaan jy weg? Wat sanik jy nog? (= Hou tog op met sanik).*

5. Die enkele interjeksie. bv.: *Daar! Linksom! Vuur!*

6. Infinitiewe. bv.: *Langsaam ry! Hardloop!*

7. Verkorte sinne. bv.: *Stadig oor die klippe! Hier jy! Maar asseblief tog — nie 'n woord aan Nig Annie nie.*

§ 267. Sinne wat dien as toegewing.

1. Die optatief, in Afrikaans nog in spaarsame reste. bv.: *Kos wat dit wil, ons moet klaarkom.*

Gewoonlik uitgedruk met modale hulpww. en partiekels. bv.: *Laat dit ook al reent, ons kom seker. Al is dit gevaarlik, tog sal ons die berg probeer klim. Maar of dit nou waar is of nie — as jy met hierdie perd verder ry breek hy sy been. Gee vir my 'n vrou van die middelmatige hoogte — so één soos Lenie nou, of al was dit nig Annie.*

2. Die imperatief. bv.: *Gaan na die hoenders vir my part! Versuip as jy wil!*

§ 268. Sinne wat dien as bedreiging. In hoofsaak word hierdie funksie vervul deur begeleidende gebare en ge-laaitsuitdrukking, en deur die stemtoon. So kan alleen die toon in die volgende sinne 'n onderskeid aandui tussen die mededeling of uitroep en die bedreiging: *Jy moet aanhou vir my uitskel! Maar as vroujie agterkom dat ek jou vertel het...*

Spesiaal val die sinne op te merk wat begint met 'n voor-waardelike voegwoord, bv.: *As jy dit nog 'n slag durf doen!* Die ww. word soms verswyg, bv.: *As jy nog 'n woord!*

§ 269. Sinne wat dien as afweer en weigering. Hierdie sinne is nou verwant aan die negatiewe bevel, vgl. § 266. Tog maak ons hiervan 'n aparte rubriek, omdat veral die afweer 'n meer spontane karakter dra; dit dien om 'n gevoel van afkeer te openbaar, en daarna 'n weigering en 'n ontkenning.

Naas die gewone tiepe van volledige sinne word die infi-nitief met 'n ontkenning gebesig, bv.: *Nie in die water mors nie!*

Die spontane afweerkarakter van die ontkenning kom ver-der tot uiting deur die afwysende en afwerende gebaar, en ge-paard daarmee dikwels 'n enkele uitroep *nee!*, bv.: *Nee, Dominee, laat staan die uitspan! Nee, Dominee, jou suspisies was gelukkig ongegrond.*

§ 270. Sinne wat dien as uitspraak en medede-ling.

Dis nie altyd 'n maklike saak om die mededelende sinne van die uitroepe te onderskei nie. Veral op papier sou die moeilikheid groot wees, as die skrywer sy mening nie met behulp van leestekens kan illustreer nie. By die praat help stemhoogte, klemtoon, asemkrag, liggaamshouding. In hierdie § klassifiseer ons as volg:

1. Sinne met die i n d i k a t i e f van die ww., bv.: *Hy kom.*
2. Sinne met die modale vorm van die ww., wat die sekerheid van die mededeling minder stellig maak (vgl. § 121). bv.: *Môre mag hy kom* (= miskien kom hy môre). *Hier moet brand gewees het.*

Dieselfde rol vervul die futurum, bv.: *Hier was 'n besoeker gewees; dit sal my Oom gewees het.*

3. Vraagsinne verleen soms 'n besondere nadruk aan 'n mededeling, bv.: *Wie weet wanneer hy sal sterwe?* (= seker niemand weet, ens.). *Wat het geword van al die mooi beloftes?*

Opm.—Die veelvuldige gebruik van die ontkenning in hierdie vraagsinne is dáaraan toe te skrywe dat die spreker die gedagte aan die teenstelling van wat hy wil meedeel, by sy hoorder wil opwek, om hom sodoende des te sterker die waarheid te laat voel. Die soort van vrae heet in die stylleer retoriese vrae (*retor*=redenaar), omdat veral redenaars daarvan gebruik maak, bv.: *Watter kind weet nie van Dirkie Uys nie?!*

4. Die imperatief word 'n enkele maal aangewend; dis ook 'n soort stylmiddel. So lui in Langenhoven se “Ons Weg deur die Wereld,” spreuk 35: *Skeur jou los van jou eie nasie af en verwonder jou dat die ander nasies nie oormekaar val om jou in te neem nie.*

5. Die mededeling van 'n ander kan op twee maniere weergegee word:

(a) Die mededeling word onveranderd “aangehaal,” bv.: *Hy het gesê: “ek kom seker”;*

(b) die mededeling word ondergeskik gemaak aan die spreker se woorde; bv.: *Hy het gesê dat hy seker sou kom.*

6. Verkorte sinne kom as 'n mededeling voor; die ww. word dikwels weggelaat deurdát die verteller die skielikheid van die gebeurtenis wil weergee.

*Dis die snaakste ondervindings wat hy gehad het en die wonderlikste verhale wat hy kan vertel—maar 'n onbesproke waarheidsliewende man. 'n Duitser was dit,.. wat vir hom daardie eensame verblyfplek gaan kies het asof hy uit die gesig van die mensdom wou verdwyn. Maar tog nie, want hy het die pragtigste lemoene gewen en dit vervoer Mosselbaai-toe. Ek het hom gedreig, maar verniet. Hoe nader, hoe wonderliker.*

7. Veral 'n optelling gebeur in verkorte sinne, bv.: *Alles was netjies in die kamer; mahoniehout tafeltjies en klerekas, en 'n ouderwetse gemak-leuningstoel; 'n lampet-kom en beker, nog vol water; die handdoek skoon en opgevou; en die bed opgemaak; heerlike fris wit beddegoed in 'n hout ledekant.* (Langenhoven).

§ 271. Sinne wat dien as vraag. Hier behoort 'n skeiding gemaak te word tussen:

(a) ja-nee-vrae, bv.: *Is daardie boer'ryk?* Antw.: *ja of nee.*

(b) aanvullingsvrae of pronominaalvrae, wat met 'n pronomien begint, bv.: *Hoe heet daardie boer?* Antw.: *Erasmus.*

Hoewel 'n vraagsin gewoonlik inversie vertoon (vgl. § 255) kan die vraag ook gedoen word in die vorm van 'n mededeling, mits 'n bepaalde toevoeging die begeerte om iets te verneem aandui; bv.: *Ek sou graag van jou wil weet waar jy die blomme gekry het.*

1. Die ja-nee-vrae kan 'n antwoord verwag op die hele vraag of op 'n gedeelte daarvan. Die eerste is die geval met die vraag: *reent dit?*, die tweede met: *reent dit baie in die Boland?*

2. Die pronominaalvrae maak vir die hoorder die antwoord maklik, deurdat hy net vir die vragende vnv. iets of iemand in die plek hoef te stel; bv.: *Wie is die burgemeester?* Antw.: *Meneer Viljoen (is die b.).*

3. 'n Afhanklike vraag kan sy vorm behou en selfstandig gebesig word; bv.: *Of hy ooit sy eksamens sal deurkom?*

4. Die vraag dien partymaal om 'n oorweging of 'n aarseling te openbaar, en is dan ook dikwels deur die spreker teen homself gerig. 'n Kind wat sy les opsê, sal bv. aarselend by homself vra: "*hoe gaan dit nou verder?*" waardeur hy tyd kry om na te dink. So ook: *Maar hulle kon hom nie 'n tree versit nie — hulle kon hom nie soveel as roer nie. Wat nou gemaak?*

5. Verkorte vrae is nie seldsaam nie: *Wat nog meer? Hoekom so treurig? Sy? Sy genoeg gehad?*

6. Die disjunktiewe vraag stel die hoorder voor 'n keus tussen twee of meer antwoorde; bv.: *Lieg jy of praat jy die waarheid?*

7. Sommige vrae het die gedaante van 'n gewone mededelende sin met 'n ontkenning; dié sinne dien bv. om 'n wens uit te druk wat volgens die spreker nie vervul sal word nie, bv.: *Daar is tog nie so iets as 'n voetpaadjie of al was dit 'n blote klouteruitgang waarmee ek oor die berge te voet kan wegkom nie?*" vra hy. En die inwendige betekenis van sy vraag was: "Al moet ek hande en voete kruip oor die bergtes, is daar tog nie 'n manier om hier van jou af weg te kom nie?" (Langenhoven).

### Voorbeeld van Sinsontleding.

§ 272. Ons neem as voorbeeld onderstaande sin en gee daarvan eers 'n benoeming van die rededele, en daarna 'n sintaktiese ontleding.

Jan se Pa het verlede week met 'n geleende ossewa gou twee pragte hout van sy plaas af na die mark op Pretoria gebring.

<i>Jan</i>	persoons-eienaam.
<i>se</i>	onbeklemtoonde besitl. vnw., derde persoon, enkelv.
<i>Pa</i>	snw., konkrete soortnaam.
<i>het</i>	hulpww.
<i>verlede</i>	voltooide deelwoord as bnw.
<i>week</i>	snw., abstrak.
<i>met</i>	voorsetsel.
<i>'n</i>	onbepaalde lidwoord.
<i>geleende</i>	voltooide deelwoord as bnw.
<i>ossewa</i>	konkrete snw., samestelling.
<i>gou</i>	bywoord.
<i>twee</i>	bepaalde hooftelwoord.
<i>pragte</i>	konkreet snw. in meervoud.
<i>hout</i>	snw., stofnaam.
<i>van...af</i>	dubbele voorsetsel.
<i>sy</i>	beklemtoonde besitl. vnw., derde pers., enkelvoud.
<i>plaas</i>	snw., soortnaam.
<i>na</i>	voorsetsel.
<i>die</i>	bepaalde lidwoord.
<i>mark</i>	snw., konkreet.
<i>op</i>	voorsetsel.
<i>Pretoria</i>	aardrykskundige eienaam.
<i>gebring</i>	voltooide deelwoord.

Sintaktiese Ontleding.

*Jan se Pa* — onderwerp.

*Jan se* — byvoeglike besits- of genitief-bepaling by *Pa*.

*het gebring* — werkwoordelike gesegde.

*verlede week* — byw. bep. van tyd.

*verlede* — byv. bep. by week.

*met 'n geleende ossewa* — byw. bep. van middel.

*geleende* — byv. bep. by ossewa.

*gou* — byw. bep. van graad.

*twee vragte hout* — lydende voorwerp.

*twee* — byv. bep. by vragte.

*hout* — byv. bep. by vragte.

of:

*twee vragte* — byv. bep. by hout.

*van sy plaas af* — byw. bep. van plek (waarvandaan).

*sy* — byv. bep. by plaas.

*na die mark op Pretoria* — byw. bep. van plek (rigting).

*op Pretoria* — byv. bep. by mark.

**DIE SAMEGESTELDE SIN.**

§ 273. 'n Samegestelde sin ontstaan, wanneer twee of meer sinne wat almal kompleet is, aan mekaar geheg word, bv.: *Die vrou gaan uit en die man bly tuis.*

'n Ander soort van samegestelde sin ontstaan, wanneer in 'n enkelvoudige sin één of meer van die rededele gevorm word deur 'n sin op sigself, bv.: *Wie nie wil hoor nie, moet voel.* Hier fungeer *wie nie wil hoor nie* as onderwerp, *moet voel* as predikaat. Maar dit moet onthou word dat geen van die twee "helftes" 'n kompleete sin op sigself is nie.

Net soos by die enkelvoudige sin gedoen is, sou ons ook by die samegestelde sin 'n prinsipiële onderskeid kan maak tussen die sinsvorme en die sinsoorte.

Aangesien ons hier egter presies dieselfde sinsoorte aantref as by die enkelvoudige sin, sal ons volstaan met alleen in die volgende paragrawe die sinsvorme te behandel.

§ 274. Die samegestelde sin kan, wat die vorm betref, verdeel word in twee hoofgroepe:

1. Die samegestelde dele kan hulle selfstandigheid bewaar, en net in betekenis mekaar aanvul.

2. Die dele kan organies (d.w.s. soos die organe van één liggaam) met mekaar verbind word, sodat hulle hulle eie selfstandigheid prys gee ten gunste van die hoëre eenheid.

Ons noem die twee hoofgroepe dus:

1. Sinne met neweskikkende sinsverband of parataksis.

2. Sinne met onderskikkende sinsverband of hipotaksis.

Opm.—Van hierdie twee benaminge is alleen die eerste juis. Die tweede benaming behou ons gemakshalwe ter wille van die teenstelling met die eerste. In baie grammatikas tref 'n mens die uitdrukking aan dat “die één sin die ander regeer.” Dit is egter onjuis, want in die sin: *ek hoor dat jy weggaan*, waarin *ek hoor* die res sou regeer, is *ek hoor* nie 'n komplette sin nie, net so min as die res. Vgl. § 273.

### Die Neweskikkende Sinsverband.

§ 275. Die neweskikkende sinsverband kan ons volgens die betekenis wat uitgedruk word, onderskei in:

(a) Aaneenskakelende sinsverband.

(b) Teenstellende sinsverband.

(c) Redegewende of verklarende sinsverband.

#### A. Aaneenskakelende Sinsverband.

§ 276. Hierdie sinsverband kan gevorm word:

(a) *sonder* 'n verbinding;

(b) *met* 'n verbinding.

(a) Sonder 'n verbinding, bv.: *Jan sit; Piet loop. My Pa is gesond; my broer is siek. Die dorpie lê in die Karo; die huise is maar klein. Die trein hou stil; die mense klim uit. Dit reent; die aarde word nat.*

(b) Met 'n verbinding:

(i) Die sinne is verbonde deur 'n aaneenskakelende voegwoord, bv.: *Jan sit en Piet loop.*

Vir 'n opgaaf van hierdie soort voegwoorde vgl. § 227.

Dit moet onthou word dat die tweede sin, wat ingelei word deur 'n bywoordelike voegwoord (*ook, bowendien* ens.), inversie vertoon, bv.: *dit reent, bowendien hael dit.* Vgl. § 253.

Opm.—Dit kom soms voor in die skryftaal dat ook 'n sin wat deur *en* verbonde is aan die voorgaande, omgekeerde woorderde vertoon. So het ons bv. gekry: *Loom en lusteloos hang die ding ('n perd) voor die kar en moet hy sy uiterste kragte inspan. Die masjiniste kon dit onder in die skip nie uithou nie en het die kaptein hulle beveel op dek te kom.*

Hierdie gevalle is leersaam, omdat daaruit blyk dat die skrywer 'n soort van afhanklike verband gevoel het en dit, sy dit ook onbewus, uitgedruk het deur sy woorderde te verander. Hierdie wyse van konstruksie verdien egter geen aanbeveling nie.

(ii) Die tweede sin kan deur 'n bepaling wat terugwys na die eerste sin, daarby aansluit, maar op sigself 'n volkome sin bly. Bv.: *Die dorpie lê in die Karoo; die huise daarvan is maar klein. Die trein hou stil; die mense klim daar uit.* Dit sal duidelik wees dat daar 'n verband bestaan tussen die aaneengeskakelde sinne, omdat in die tweede sin deur 'n aanwysende woord terug verwys word na die eerste.

Omgekeerd kan daar in die eerste sin 'n aanwysende woord voorkom, bv. as voorwerp, terwyl die tweede sin onveranderd volg: *Dit weet ek: gesondheid is die grootste skat.*

## B. Teenstellende Sinsverband.

§ 277. Ook hier word sinne met of sonder 'n verbinding van mekaar onderskei. Ons gee eers voorbeelde van die laaste:

(a) Sonder 'n verbinding.

*Die slim man ken al die paaie; die wyse man ken die één regte pad. Die verkwisterige man eet die vrugte van sy lewe groen op; die inhalige laat hulle sit tot hulle vrot is. Moenie eers baklei en dan hardloop nie; hardloop eers solank as jy nog vars en heel is (Langenhoven).*



(b) Met 'n verbinding.

*Borgskap is 'n kind van vriendskap, maar hy ver-  
moor graag sy ouer (Langenhoven).*

*Jy het al so dikwels jou kop gestamp, en tog het  
die ondervinding jou nog niks geleer nie. Sommige kandi-  
date het uitstekende werk gelewer, ander daarenteen  
was maar baie swak.*

*Hoewel ik van plan was om môre op reis te gaan,  
sal ek dit egter moet uitstel totdat die reent verby is.*

### C. Redegewende en Verklarende Sinsverband.

§ 278. Ook dié kan voorkom met of sonder 'n (redege-  
wende) verbinding.

(a) Sonder 'n verbinding:

*Daar is eën opsig waarin ek my dierbaarste vriend net  
so behandel soos my bitterste vyand: Ek steek my skande  
vir albei ewe sorgvuldig weg. In die tweede sin kan die  
verklarende woord *namelik* bygedink word.*

*Moenie jou ryk buurman se hoender steel nie — jy sal  
in die tronk kom.*

(b) Met 'n verbinding:

*Trap liever op 'n vrou se tone as op haar trein, en val  
eerder in 'n man se rede as in sy sop; want gelykerwys 'n  
vrou haar gemak minder reken as haar klere, so waardeer  
'n man sy maag hoër as sy verstand (Langenhoven).*

*Moenie met 'n gebrekklike mens spot nie; hy kan dit  
moes nie help dat hy so geskape is nie.*

### Logiese Afhanklikheid sonder Grammatiese Aanduiding.

§ 279. As 'n oorgang tussen die neweskikkende en die  
onderskikkende sinsverband, sal ons enkele gevalle bespreek  
waar wel afhanklikheid tussen twee sinne bestaan, maar  
waar dit nie deur 'n uiterlike, grammatiese middel uitgedruk  
word nie.

Dikwels kom dit voor dat 'n sin wat die vorm van 'n  
selfstandige sin het, dien as die voorwerp in 'n samege-  
stelde sin. Dat die voorwerpsin as sodanig gevoel word,  
en nie as 'n onafhanklike sin nie, word bewys deur die toon-  
hoogte of die nadruk waarop dit uitgespreek word; die is

nl. gewoonlik laag, terwyl die predikaat baie maal sterk beklemtoon is, bv.: *Ek weet ek kan op jou reken*. Wanneer die spreker 'n pouse maak na *weet*, dan sal hy ook in die volgende sin êrens 'n klemtoon lê, bv.: *Ek weet: ek kan op jou reken*. Hierdie konstruksie, waarby 'n spreker sy eie mededeling of die van 'n ander persoon afhanklik maak van ww. soos *sê, meen, dink, glo, weet, hoop*, heet indirekte rede.

§ 280. Ook as onderwerp in 'n samegestelde sin kan 'n selfstandige sin fungeer: *Handjies vashou en "gee my nog 'n soentjie" en dergelike liefdes-onsin was tussen hulle onbekend*. Die skrywer het aanhalingstekens gebruik by die selfstandige sin *gee my nog 'n soentjie* om te laat uitkom dat dit heeltemal parallel is met die snw. *liefdes-onsin* en die infinitief *handjies vashou*, wat ook albei onderwerpe is.

§ 281. Veelvuldig is die tussensinne wat buiten die konstruksie bly, bv.: *Sy koms was eintlik, so het hy gesê (en dit kan so gewees het), om 'n klompie volstruise op te koop*.

§ 282. Somtyds kom dit voor dat 'n selfstandige sin die diens verrig van 'n voorwaardelike of veronderstellende bysin, bv.: *Prosedeer oor 'n baatjie en hou jou broek klaar vir die onkoste*, wat ook sou kan weergegee word: "Wanneer jy oor 'n baatjie prosedeer, hou dan jou broek klaar." Verder: *Skeur jou los van jou eie nasie af en verwonder jou dat die ander nasies nie oormekaar val om jou in te neem nie* (Langenhoven).

### Die Onderskikkende Sinsverband.

§ 283. Die hoofkenmerk van hierdie sinsvorming is dat meer as één sin organies verbonde is, op so'n manier dat hulle die selfstandige vorm prysgee en die één nie sonder die ander kan bestaan nie.

Daar is gevalle, waar die sin, wat die plek inneem van 'n rededeel in 'n ander sin, skynbaar wel 'n selfstandige sin vorm; so bv.: "*Die trein kom aan!*" roep die *kondukteur*. "*Ek is klaar,*" is die *reisiger se antwoord*. Hierby moet opgemerk word dat die vorm van die sinne tussen aanhalingstekens die van 'n onafhanklike sin is.

By die beoordeling van die hele samegestelde sin mag 'n mens egter nie 'n deel losmaak nie, al is dit op papier moontlik. Wanneer 'n hoorder na bogenoemde woorde van 'n kondukteur en 'n reisiger staan en luister, sal hy net die "aangehaalde" sinne verneem. Die samegestelde sinne wat ons as voorbeelde gegee het, sal egter deur die persoon wat die gesprek gehoor het, gevorm word, wanneer hy daarvan mededeling doen aan 'n vierde persoon wat nie teenwoordig was nie.

Ons raak hiermee dus 'n prinsipiële punt aan, dat nl. elke sin behoort beskou te word in sy omgewing. Geen sin mag eintlik losgemaak word uit sy verband, en as 'n teoretiese éénheid op papier ontleed word nie.

Net soos ons die term "onderskikkende sinsverband" behou, doen ons dit ook met die terme hoofsin en bysin, omdat deur die parallelisme bv. van die twee sinne:

1. *ek sien* | *sy dronkenskap*
2. *ek sien* | *dat hy dronk is*

die bewussyn lewendig gehou word dat die woorde: *dat hy dronk is*, 'n sin is volkome gelykwaardig in funksie met die voorwerp *sy dronkenskap* in sin 1, en dat in albei sinne *ek sien* die eintlike sin (hoofsin) is, nl. ontfanger + predikaat.

§ 284. Om die ontstaan en die historiese ontwikkeling van die samegestelde sin met onderskikkende sinsverband te verduidelik, sal ons net één voorbeeld behandel. Miskien die talrykste is dié groep van sinne, waarin die voegwoord *dat* optree as 'n verbinding, bv.: *Ek sien dat dit reent*. So'n sin het as volg ontstaan: in die begin was daar twee sinne, albei selfstandig en volledig van vorm, maar aan mekaar verbonde op die manier soos in § 276 aangedui, dus: *Ek sien dát: dit reent*. In die eerste sin was *dat* 'n aanwysende vnv., wat welig begelei was deur 'n aanwysende gebaar na buite, en in funksie was dit die voorwerp. Die tweede sin het daarby aangesluit en die aanwysende woord uit sin 1 verduidelik.

Deurdat daardie soort van sinne so voelvol dig voorgekom het, is hulle al meer as 'n éénheid opgevat geword, waar-

by dan natuurlik die ou aanwysende krag van *dat* sterk verswak is. Dieselfde verswakking het ons reeds ook opgemerk by die onderwerp, vgl. § 221. Die éénheidswording het tenslotte dié stadium bereik, dat 'n mens nou gewoonlik die hierbo gegewe sin splits in: *Ek sien en: dat dit reent*; die laatste noem ons 'n voorwerpsin.

Dieselfde is die geval met al die voegwoorde wat samegestel is met *dat*, soos *nadat, voordat, omdat* ens. En toe naderhand die woordjie *dat* net 'n verbinding, 'n vormwoord, sonder 'n eie krag geword het, het dit ook nog ander funksies op hom kan neem en dit ook gedoen; bv.: *Dieselfde dag dat my broer gekom het, het my Oom vertrek.*

Nie alleen 'n voegwoord soos *dat*, wat nou byna heeltemal onbeklemtoond uitgespreek word nie, maar ook party ander sin-verbindende woorde het van demonstratief verswak tot relatief. 'n Mens hoef net te dink aan 'n woord soos *toe*, wat nou nog in Afrikaans sowel aanwysend kan wees as ook sin-verbindend, bv. *toe kom hy* en *toe hy kom was ek al daar*. Dieselfde sien ons by *wat*: *wat maak jy?* naas: *ek weet nie wat hy maak nie.*

### Afhanklike Vraagsinne.

§ 285. Wanneer 'n vraagsin die voorwerp word in 'n samegestelde sin, dan word daaraan die vorm van 'n afhanklike sin gegee deur die woordorde te verander, bv.: *Wie het dit gedoen? Ek sal jou sê wie dit gedoen het. Waar woon A? Ek weet nie waar hy woon nie. Ek sal vra waar hy woon.*

Oor die sinne met *of* sien § 297.

In Afrikaans bly darem baie dikwels in die afh. vraag die woordorde van die direkte vraag onverander.

Bv.: *Ek weet nie hoekom kry ek so swaar in die wêreld nie.*

### Betreklike Bysinne (Relatiewe Sinne).

§ 286. Betreklike bysinne is sinne, waarvan die inhoud betrekking het op 'n ander sin of 'n gedeelte daarvan. Hulle word ingelei deur betreklike voornaamwoorde en bywoorde, bv.: *Die man wat daar loop is lid van die volksraad. Die gerugtes wat hy versprei het is onwaar. Dis 'n baie mooi boek wat jy my gegee het. Die boek waarvan ek jou vertel het is reeds uitverkoop.*

**Bysinne ingelei deur Voegwoorde.**

§ 287. Die voegwoorde wat bysinne inlei, het allerlei funksie en betekenis. In die eerste plek noem ons die wat tyd en wys aandui.

*Toe*, gewoonlik verbonde met die historiese praesens, dui die gelyktydigheid in die verlede aan. Vgl. § 132 (a).

*Terwyl* dui die gelyktydigheid in die algemeen aan, bv. *Terwyl hy besig is, sal ek 'n endjie gaan wandel.*

*Wanneer* het 'n algemene betekenis: "elke slag wanneer," bv.: *wanneer hulle ons nodig het, soek hulle ons op.*

Soms word dit ook aangewend om 'n moontlike gebeurtenis in die toekoms voor te stel: *wanneer jy by ons kom kuier, sal jy plesier hê.*

Opm. 1.—*Wanneer* nader dikwels aan 'n voorwaardelike voegwoord, ook deurdat dit 'n algemene strekking vertoon.

Opm. 2.—Die gebruik van *waar* as voegwoord van tyd of voorwaarde, in plaas van *wanneer, terwyl, indien* ens. is af te keur.

*Sodra as jy klaar is kan ons loop.*

*Nes ek half-reg word is ek weer half-dronk, en nes ek weer nugter word voel ek weer nes 'n lewendige dooi mens.*

§ 288. 'n Vergelyking word deur meer as één voegwoord verduidelik, o.a. deur: *hoe—hoe: Hoe korter jy jou kuier maak, hoe gouer sal jy weer genooi word.*

*Hoe—des te: Hoe langer jy uitstel, des te moeiliker word die saak.*

Ook kan net één vergelykende bysin met 'n voegwoord die hoofsin verduidelik, bv.

*Soos: Hy buig af en soen haar: sy eerste soen en, soos ons sal sien, sy laaste.*

*Asof: Hy gaan te kere asof die hele wêreld aan hom behoort.*

Vergelyking en gelyktydigheid kom tot uiting deur: *solank as: 'n Mens moet 'n boompie buig solank as hy nog jonk is. Solank as 'n mens maar net jou skulde kan betaal, is die wêreld nog reg.*

§ 289. 'n Uitsondering word voorgestel deur: *pleks en pleks dat*: *Pleks dat hy sy mond hou, gaan hy nou nog verder sy saak bederf.*

*Tensy*: *Tensy daar hulp kom opdaag, is ons verlore.*

*Behalwe dat (wanneer)*: *Die beskuldigde het alles voor die regter beken, behalwe dat hy met opset die moord gepleeg het.*

§ 290. Om 'n voorwaardelike bysin in te lei dien: *mits (dat)*: *Ek sal jou die geheim meedeel mits (dat) jy dit kan bewaar.*

§ 291. Voegwoorde om 'n onderstelling (hipotese) weer te gee is o.a.: *as*: *As dit sou help om te huil, hoeveel sou daar dan nie gehuil word in die ou wêreld nie!*

*Indien*: *Waarom trek jy jou sy woorde aan, indien dit nie waar is wat hy gesê het nie?*

*Gesteld, aangenome, ingeval, (— dat)*:

*Gesteld dat ek hom nie tuis tref nie, waar sal ek hom dan kry?*

*Aangenome dat dit is soos jy sê, wat verander dit aan die saak?*

*Ek sal die sleutel by my buurman laat, ingeval jy voor my tuis kom.*

§ 292. Veral die voegwoord *dat* moet hier apart behandel word. Dit word in die volgende gevalle aangewend:

(1) Om sinne in te lei wat in die hoofsin fungeer as 'n snw.; dié sinne heet daarom *substantiefsinne*. Hulle is gewoonlik die onderwerp of die voorwerp:

*Dat hulle gereed is om jou te vertrou sonder om jou te ken (onderwerp) is 'n bewys dat hulle niks het om te verloor nie (voorwerp).*

Partymaal word na die *dat*-sin verwys deur 'n voornaamwoord; bv.: *Di's deur te veel mooi weer dat die woestyn onvrugbaar is.*

Verder kom *dat* dikwels voor in verbinding met voorsetsels. Die bysinne wat daardeur ingelei word, ook substantiefsinne, druk dieselfde uit as die voorsetsel + snw. in 'n enkelvoudige sin (vgl. § 244). Vgl. die volgende vbb.:

Tyd: *Ek sal jou help, tot dat jy op eie bene kan staan. Van dat hy met die ryk vrou getroud is, kyk hy ons nie meer aan nie. Voordat jy weggaan, moet jy my eers kom sien.*

Oorsaak: *Deurd at hy siek geword het, kon hy geen eksamen doen nie.*

Rede: *Om dat 'n mens kan glo wat jy wil, glo jy wat jy wil hê (Langenhoven).*

Doel: *Bly spaarsaam, op dat jy die vermoë mag behou om vrygêwend te bly (Langenhoven).*

Ewe veelvuldig as die voorsetsels of die voegwoorde wat met *dat* samegestel is, kan die enkele voorsetsels of voegwoorde in Afrikaans gebruik word. Die soort voorsetsels kan ons sinsvoorsetsels noem, omdat dit nie 'n snw. regeer nie, maar 'n hele sin, wat dus gelyk staan met 'n snw. Voorbeelde is: *Om die kind nie sy les geleer het nie, moes hy op skool bly. Ek is bly oor my Pa gekom het.*

§ 293. (2) Die sinne met *dat* dien om 'n begrip in die hoofsin nader te bepaal, bv.:

'n snw.: *om hulle met die ydelle hoop te troos dat as Langenhoven die eerste skrywer is wat nie kan spelle nie, hy tog die laaste mag wees wat nie kan skrywe nie;*

'n bywoord van plaas wat die plek inneem van 'n naamwoord: *Die wisselvalligheid van die lewe bestaan daarin dat jy nooit weet wat jou môre te wagte is nie;*

'n ander bywoord: *Die man wat koop wanneer hy verplig is kom sôver dat hy kan verkoop wanneer hy nie verplig is nie (Langenhoven).*

§ 294. (3) Die sinne met *dat* dien om logiese verhoudinge van allerlei aard te openbaar, sonder dat hulle, soos in die geval van afdeling 2, nog deur 'n naamwoord of 'n bywoord bepaal is.

Veral dui *dat*, net soos die verskillende voorsetsels + *dat*, bedoeling, gevolg en wyse aan: *Die vlak-water is troebel maak dat jy moet dink dit is diep (= opdat). Hy het so vinnig gehardloop dat sy asem totaal weg was (= sodat).*

Opm.—'n Sin deur *dat* ingelei kan alleen voorkom, sonder afhanklik te wees van 'n ander sin. Vgl. § 264 (7).

§ 295. In Afrikaans word die voegwoord *dat* partymaal vervang deur *wat*, eintlik die betreklike voornaamwoord. Dié gebruik het dan ook opgekom na die voorbeeld van die relatiewe sinne.

Ons vind bv. by Langenhoven: *Laaste Maandag nog toe hy met my kom twis het oor sy beurt water w a t hy lieg w a t in my dam ingeloop het, was hy 'n man in die fleur van sy lewe.*

Dit beteken: sy beurt water, w a t in my dam ingeloop het, soos hy lieg, of: sy beurt water, w a a r v a n hy lieg d a t d i t . . . het. Vir die eerste *wat* as 'n voorwerp by lieg vgl. § 303.

Verdere voorbeelde is: *Nou is daar mos baie beter meesters as w a t daar in die ou dae was. Die water loop net so vinnig onder uit as w a t jy dit bo ingooi.*

§ 296. Op dieselfde manier as die enkele *dat* is ook die daarmee samegestelde voegwoorde in die bysin getrek, bv.:

*Jy sou hom nooit vertrou nie, as jy weet ho e d a t hy kan lieg en bedrieg.*

*Die drif was onpassabel, s o d a t ek onverrigter sake moes omdraai.*

*N o u d a t die saak uit die wêreld gemaak is, kan ons weer in vrede leef.*

Verder ook: *eer dat, sedert dat, sinds dat, terwyl dat*, ens.

§ 297. Die voegwoord *of* word op drie maniere gebruik:

1. Om 'n afhanklike vraag in te lei: *Die man wat te fyn ondersoek of 'n bedelaar verdien om geholpe te word, kry nie bedelaars wat dit verdien nie* (Langenhoven).

'n Betekenisontwikkeling kom voor in dié gevalle, waar of gelyk staan met *anders*, bv.: *Dit het maar min geskeel of die kar was onderstebo*. Dat die konstruksie iets gewysig is, blyk uit die woordorde van die sin met *of*.

2. Om voorwaardelike sinne te begin; dan staan dit in betekenis gelyk met *wanneer ook*, bv., *of jy wil of nie, jy sal dit moet doen*.

3. Na 'n negatiewe voorsin van tyd, waarby die sin met *of* die hoofgedagte bevat: *Hy was nog nie mooi in die saal nie of die perd steek kop tussen die bene en gooi hom dat hy so hik*.



§ 298. Die voegwoorde *al, ofskoon, hoewel* lei bysinne van toegewing in. In die hoofsin word in dié geval dikwels aanvullende partiekels soos *dan* en *tog* gebruik. *Al kan jy jou kruis nie afgooi nie, dan kan jy tog jou ongeduld afgooi. Onthou, hulle luister nie na vloek nie, al is hulle ore ook so lank* (Langenhoven).

### Die Ontkenning in die Samegestelde Sin.

§ 299. Wanneer twee of meer neweskikkend verbonde volledige of onvolledige sinne elk op homself negatief van inhoud is, dan kry hulle almal die dubbele ontkenning, as hulle daarvoor in aanmerking kom volgens § 202.

bv.: *Hy weet nie wat om te doen nie en niemand kan hom raad gee nie.*

*Jy wou nie na my geluister het nie en kan dus ook nou nie ver wag dat ek jou uit die moeilikheid sal help nie.*

By onderskikkende sinsverband kan verskillende gevalle hulle voordoen.

1. Alleen die hoofsin is negatief. Die dubbele ontkenning word alleen in die hoofsin aangewend, op die manier soos in § 202 aangegee. bv.: *As jy jou bes gedaan het hoef jy nie bang te wees vir die eksamen nie.*

2. Alleen die bysin is negatief. Die dubbele ontkenning word dan in die bysin aangewend, op die manier soos in § 202 aangegee. bv.: *Wanneer 'n mens nie jou plig verwaarloos nie, kan jy reken op sukses.*

3. Die hoofsin en die bysin vorm 'n gedagte-éénheid wat negatief is. Veral kom dit voor, wanneer die inhoud van die bysin ontken word deur 'n hoofsin, waarin 'n ww. staan wat 'n geesteswerkzaamheid aandui, soos *weet, dink, meen, glo*, ens.

Die eerste ontkenning staan dan nà die ww. in die hoofsin, die tweede heeltemal op die end van die bysin. Die logiese éénheid van hoof- en bysin word deur die konstruksie mooi geïllustreer, omdat dit presies eners is as die in § 202 by die enkelvoudige sin. bv.: *Ek weet nie of hy kom nie. Ons glo nie dat die storie waar is nie.*

Ook wanneer die bysin 'n begrip in die hoofsin nader bepaal en bygevolg slegs 'n onderdeel en 'n aanvulling is van die

hoofgedagte, omvat die dubbele ontkenning die hele eenheid, wanneer in die hoofsin 'n negatiewe woord voorkom, bv.: *Niemand is so skelm dat hy altyd kwaad doen nie*. [vgl. § 202, geval (iii)].

Bevat die hoofsin geen negatiewe woord nie, dan kom die dubbele ontkenning alleen in die bysin, bv.: *Hy is so mal, dat hy sy eie foute nie raaksten nie*. En ook: *Niemand is so mal, dat hy nie 'n perd van 'n donkie kan onderskei nie*.

In die laaste sin is *niemand* in die hoofsin 'n absolute begrip, en dus het dit 'n positiewe strekking en funksie, net soos bv. in: *Hy weet absoluut niks* [vgl. § 202 (ii)].

4. Sowel die hoofsin as die bysin is negatief. In hierdie geval sou daar tweemaal 'n dubbele ontkenning moet voorkom, maar die *nie* op die end van die eerste sin word gewoonlik weg-gelaat, bv.:

(a) Die hoofsin staan voorop: *Ons kan nie sê of daar nie 'n ongeluk gebeur het nie*.

(b) Die bysin staan voorop: *Voordat die kind self nie eers sy vingers gebrand het, sal hy nie luister nie*.

Opm.—Terwille van die nadruk word dikwels tweemaal die dubbele ontkenning gebesig.

5. Dieselfde as in geval (4) gebeur wanneer die hoofsin positief is, maar daar twee of meer bysinne met 'n negatiewe inhoud volg, bv.: *Jy vind vandag uit dat dit goed was van die fonteintjie om nie op te droog, toe jy gister vir hom gesê het jy sal nie weer daar water drink nie* (Langenhoven).

Na *droog* sou 'n tweede *nie* moes gevolg het, wanneer die sin daar geëindig het.

### Woordorde in die Bysin.

§ 300. In talryke bysinne is die woordorde anders as in 'n selfstandige sin. Die voorwerpsinne waarin 'n enkele, nie samegestelde ww. as predikaat fungeer, en wat in § 284 bespreek is, vertoon die woordorde van 'n selfstandige sin, en het as kenmerk net die inleidende voegwoord *dat*, bv.: *Ek sien dat dit reent*.

Wanneer die gesegde egter samegestel is met 'n hulpww. of 'n koppelww., dan kom die laaste agter die infinitief, en dus

op die end van die bysin, bv.: *Hy het gekom* word, wanneer dit as 'n voorwerpsin gebesig word: *hy gekom het*, bv. in *Ek sien dat hy gekom het*.

Verdere vbb. is: *Ek weet dat hy die perd gekoop het*. *Ek dink dat die perd duur is*.

Wanneer 'n vraagsin die voorwerp word in 'n samegestelde sin, dan verander die woordorde as volg:

*Wat maak jy?* word:  
*Ek vra wat jy maak?*

*Wat het jy gemaak?* word:  
*Ek vra wat jy gemaak het?*

Ook in betreklike bysinne kom by 'n samegestelde ww.-gesegde die hulpww. op die end.

*Die perd het ek gekoop*, word:  
*Die perd wat ek gekoop het*.

Bysinne deur voegwoorde ingelei vertoon dieselfde woordorde soos 'n voorwerpsin. bv.:

*Ek kry 'n prys wanneer ek in my eksamen slaag*.  
*Ek hoop dat ek in my eksamen slaag*.

So ook: *As ek in my eksamen slaag, kry ek 'n prys*.

Wanneer twee of meer bysinne neweskikkend verbonde is, gebeur dit dikwels dat net die eerste inversie vertoon, en die volgende hoofsin-woordorde. bv.: *Wanneer daar 'n onweer kom, en die reent val in strome neer, dan kom die rivier af*.

Dit beteken dat die sinsbou tot rus kom, wanneer die sin, en dus ook die gedagte 'n langer tyd in beslag neem.

Wanneer 'n byw. bysin aan die hoofsin voorafgaan, vertoon die laaste inversie, net soos na 'n inleidende bywoord (vgl. § 253) bv.: *Wanneer die rivier afkom, gebeur daar somtyds ongelukke*. *Waar rook is moet (daar) vuur wees*.

Opm.—Terwille van die nadruk kan soms van die genoemde reëls betreffende die woordorde afgewyk word.

**Tye in die Bysin.**

§ 301. Deurdat die ww. in Afrikaans so baie vorme verloor het, en veral die teenwoordige tyd as 'n historiese praesens diens doen ook in die verlede tyd, gebeur dit taamlik dikwels dat daar, wat die vorm betref, geen ooreenstemming bestaan tussen die tye van hoofsin en bysin nie, bv.: *Toe ek tuis kom, was almal in die eetkamer.*

Ook die voltooid teenwoordige tyd staan partymaal in bysinne, waar ander tale die voltooid verlede tydsvorm gebruik, bv.: *As ek dit geweet het, sou ek anders gehandel het.* (Nederlands: Als ik dat geweten had, zou ik anders gehandeld hebben).

Opm.—Vir die verskillende tye wat deur die praesensvorm uitgedruk word, vgl. §§ 132 en 134 Opm.

**Sametrekking en Besparing.**

§ 302. Wanneer sinne wat neweskikkend verbonde is, één of meer sinsdele gemeen het, word herhaaldelik die reeds genoemde sinsdele in die vervolg weggelaat. Ons noem die verskynsel: *sametrekking* of *besparing*. Bv.: *Die ketel verwyf die pot dat hy geen tuit het nie; die pot hom dat hy geen pote het nie. Ek glo baie aan 'n dom man; 'n mens weet wat om te verwag en jy kry dit; soos ek hier.* (Langenhoven Spr. 58).

Terwyl in die eerste voorbeeld net die ww. *verwyf* in die tweede sin by die onderwerp *die pot* weggelaat is, sien ons in die tweede voorbeeld so baie rededele weggelaat, dat daar amper nie meer 'n sin oorbly nie.

*Die belangrykste persoon op 'n begrafnis is die dooi man; en die belangrykste by 'n geboorte?*

*As hy dit (raas en vloek) ook doen, kan jy sien hoe dwaas jy is; as hy dit nie doen nie, hoe verstandig jy kon gewees het.*

Die gegewe voorbeelde is almal ontleen aan Langenhoven se spreuke, en juis in dié soort van uitsprake word die kernagtigheid baie deur die *sametrekking* bevorder.

Selfs wanneer twee sinne 'n verskillende gesegde het, kan in 'n derde sin die gesegde ontbreek; bv.:

*Die verkwisterige man eet die vrugte van sy lews groen op; die inhalige laat hulle sit tot hulle vrot is. En albei (nl. doen dit) juis uit onmatige liefde vir die vrugte (Langenhoven).*

Meer gewoon in sulke gevalle is egter die gebruik van die plaasvervangende ww. *doen* as 'n predikaat.

'n Besparing van 'n hele sin het plaas, wanneer op 'n vraag met die enkele *ja* of *nee* geantwoord word; bv.: *Was die droogte baie erg in die Karoo? Ja* (nl.: "die droogte was baie erg").

*Ja* en *nee* word somtyds ook gebruik om 'n mededeling toe te gee of te ontken. Bv.: *As één van Noach se seuns 'n vrek was, dan wonder ek of sy derde deel van die aarde groot genoeg sou gewees het na sy sin. Ja, maar hy sou moeite gegee het by die verdeling. Ja*, beteken soveel as: "[Ja], ek is dit met jou eens."

*Dis jammer dat 'n mens nie jou grafsteen kan saamneem na die plek toe waar jy graag so 'n getuigskrif sal wil hê om te wys nie. O nee, daarsonder is die naald se oog al nou vir meeste van diegene wat in die vermoë is om 'n grafsteen na te laat (Langenhoven).*

### Prolepsis.

§ 303. Prolepsis (die griekse naam beteken: "van te vore neem") word die konstruksie genoem, waarby 'n sinsdeel wat in 'n afhanklike sin tuis hoort al van te vore, d.w.s. in die voorafgaande hoofsin, genoem word. Bv. in die sin: *party klippe wis hy glad nie of hy ooit weer sou wegkry nie*, is die woorde *party klippe*, wat die logiese voorwerp is van *wegkry*, tot die voorwerp gemaak van die ww. *wis* in die voorafgaande hoofsin. Die gewone konstruksie sou lui: *Hy wis glad nie of hy party klippe ooit weer sou wegkry nie*, of ook: *Van party klippe wis hy glad nie of hy dit ooit weer sou wegkry nie*. Maar aangesien die sterk nadruk op die genoemde woorde moet val, word dit heeltemal vóóraan geplaas, met die gevolg dat nou die hele konstruksie gewysig word.

Ander vbb. is: *Die hoenders wil sy nie hê ek moet verkoop nie. Jy sal vir 'n man stem om die sake van jou land te bestier wat jy nooit sou droom om jou eie sake aan*

*toe te vertrou nie. Die één werk wat die Here ons: gewaar-  
sku het om aan Hom oor te laat, die is ons die ywerigste  
om uit Sy hande te neem.*

Om misverstand te voorkom word die *voorlopige* onderwerp-  
*dit* by 'n ww. gevoeg, wanneer die vnw. *wat* die voorwerp van  
'n ww. is, bv. in die sin: 'n Klein babetjie kan 'n blommetjie  
*verniet wat dit 'n God gekos het om te maak.* Wanneer  
die ww. *gekos het* as 'n persoonlike ww. sou gekonstrueer ge-  
word het, dan sou *wat* onderwerp moet wees, bv.: *wat 'n God  
gekos het om dit te maak.*

### Voorbeeld van Ontleding van 'n Samegestelde Sin.

§ 304. Toe die tweede vryheidsoorlog op 11 Okt. 1899 uitbreek, nadat vergeefse po-  
ginge in die werk gestel was om die oorlog  
te voorkom, was Paul Kruger, wat destyds  
president was van die Transvaalse Repu-  
bliek, in Pretoria; en omdat die vyandelike  
leërmagte toe reeds op die grense saamge-  
trek was, het hy onverwyld gesorg dat die  
nodige maatreëls sou getref word om die  
Republiek tot die uiterste te verdedig.

Toe die tweede vryheidsoorlog op 11 Okt.  
1899 uitbreek: *byw. bysin van tyd.*

nadat vergeefse poginge in die werk ge-  
stel was om die oorlog te voorkom: *byw.  
bysin van tyd.*

was Paul Kruger...in Pretoria: *hoofsin.*

wat destyds president was van die  
Transvaalse Republiek: *byvoeglike bysin* by Paul  
Kruger.

en... het hy onverwyld gesorg: *hoofsin, newe-  
skikkend verbonde* met die eerste.

omdat die vyandelike leërmagte toe  
reeds op die grense saamgetrek was: *rede-  
gewende byw. bysin.*

dat die nodige maatreëls sou getref word om die Republiek tot die uiterste te verdedig: *lydende voorwerpsin* [of ook: *byw. bysin van doel*, vgl. § 294].

Vir die ontleding van die afsonderlike sinne vgl. § 272.

## B. Sinne Sonder 'n Werkwoord.

§ 305. Die sinne waarin die vervoegde ww.-vorm, wat as gesegde die belangrikste deel van 'n sin is, ontbreek, word verkorte of beknopte sinne genoem.

Gewoon is 'n aantal wendinge wat feitlik verkorte sinne is, deurdat die ww. *is* weggelaat is, bv. *gesteld dat, aangeneem dat, aangesien dat; jammer dat, nie dat, nie alleen dat.*

Vbb.: *Nie dat ek hom heeltmal veroordeel, nie, maar hy is 'n skurk.*

*Nie dat* staan eintlik vir: *Dis nie dat...*

*Nie alleen dat die skip gesink het nie, maar al die mense het verdrink.*

*Jammer dat so baie mense van die fees weggebly het.*

Herhaaldelik kom dit ook voor dat die ww. agterweë bly, wanneer die sin 'n verklaring of aanvulling gee van iets wat tevore meegedeel is, bv.: *Dirkie Uys het in die gevaar teruggery na sy Pa: sy eerste heldedaad en sy laaste.* Hier kan ingevoeg word: "dit was."

Aangesien die ontbreek van die ww. iets kernagtigs en aanskouliks aan die sinne verleen, kom die verskynsel besonder dikwels voor in spreekwoorde, bv.:

*Hoe meer siele, hoe meer vreugde.*

*Saans rood, smôrens water in die sloot.*

*Alkant Selfkant.*

*Stille waters, diepe gronde.*

*Hoe geleerder, hoe verkeerder.*

*Hoe kaler jakkals, hoe groter stert.*

*Gou by die bak, stadig by die werk.*

*Ver van jou goed, naby jou skade.*

By die soort van sinne moet opgemerk word dat die tweede deel in vorm gelyk is aan die eerste, wat die woordorde betref. Die tweede deel is in betekenis die predikaat van die eerste.

Verder is daar talryke mededelende uitroepe sonder 'n ww., bv. *Alles klaar! Wie daar? Wie verder? Hoe nou?*

Die aanskoulikheid, wat ons al by die spreekwoorde opgemerk het, is vir digters en skrywers 'n rede om soms sinne sonder 'n ww. te besig.

So begin Keet se gedig "Gistraand" as volg:

*Hoe triestig die wêreld vanaand;*

*Gistraand*

*Was dit heeltemal anders —*

Langenhoven skrywe in *Ons Weg deur die Wêreld*, deel I, bls. 51—52:

Ek self was, na 'n halwe dag van siels-verdriet en liggaamsuitputting — één koppie af en die ander uit in 'n eindelose opeenvolging; stamp, stamp, oor die vaal na-banke; grr-r as die kar afskuif teen die skuinspad; stoot; en rem, en beur.. om die arme pêrde te spaar — ek was eindelik die laaste rand uitgekomm..

### **Gestoorte Sinsvorming.**

§ 306. Die storinge wat by die sinsvorming partymaal optree, is meestal te verklaar as die gevolg van een of ander gemoedsbeweging.

Wanneer 'n mens onder die uitspraak van 'n sin skrik, dan sal hy plotseling afbreek, om miskien wel weer verder te gaan, maar dan soms in 'n ander vorm as wat hy oorspronklik van plan was. Ook kan 'n spreker wat vinnig dink en spreek, tegelykertyd met twee gedagtes besig wees en die twee sinne of sinsdele wat die twee aparte gedagtes behoort uit te druk, deurmekaar haal.

Natuurlik sal 'n skrywer veral van die eerste soort van storing 'n nuttige gebruik kan maak bv. in 'n tweegesprek, in 'n drama, ens. Wanneer dit egter met opset gebeur, hoort dié verskynsel in die Stylleer tuis.



Ons onderskei dus die volgende soorte van storinge:

- (i) Vermenging.
- (ii) Afbreking.
- (iii) Verkeerde vervolg van die sin.
- (i) Vermenging.

In die wending *vir drie dae lank* het oorspronklik 'n vermenging plaasgevind van twee wendinge, nl.: *vir drie dae* en *drie dae lank*.

Die konstruksie: *beskou die belediging aan*, is die resultaat van deureenmenging van twee wendinge, nl.: *beskou die belediging* en *skou (kyk) die belediging aan*.

*Deur hulle lewe lank* is te verklaar as vermenging van: *deur hulle [hele] lewe* en: *hulle lewe lank*.

- (ii) Afbreking.

Afbreking kom herhaaldelik voor, wanneer die spreker kan verwag dat die hoorder sy verdere woorde self sal aanvul:

Bv.: *Maar as ek moet kies tussen geld en gesondheid .... As 'n mens nou elke dag 'n ander huis sou kan huur.... maar dit sou ook nie gaan nie. As ons nou kon weet wat môre gaan gebeur....*

(iii) Verkeerde vervolg van die sin (*anako-louthon*).

Veral by lang sinne kom dit voor dat 'n spreker nie presies meer weet hoe hy begint het nie.

So het ons in "Die Burger" gelees: *Mnr. Fitzsimmons verklaar dat onder die oorblyfsels van strandlopers wat in die puinhope in die grotte gekry is, het hy twee skedels ontdek.*

Die woordorde van die laaste gedeelte: *het hy...ontdek* sou alleen korrek wees, wanneer die sin begint het by *onder die oorblyfsels*. In 'n voorwerpsin wat met *dat* begint, sou die normale woordorde moes gewees het: *...hy twee skedels ontdek het*.